

“In the past, the [auditing] profession has asked the public to rely on self-regulation to ensure its independence” [eie byvoeging]. “Quite frankly, this is nothing more than permitting the fox to guard the hen house” (Turner, voormalige hoofrekenmeester van die SEC, in Eakin & Hughes 2002:31).

“When foxes guard the hen house, chickens get eaten” (Frank 2002).

HOOFSTUK 5

REGULERING VAN DIE OUDITEURSPROFESSIE IN SEKERE LANDE

Om leesbaarheid te vergemaklik, word die volgende afkortings in afdeling 1 gebruik:

AICPA *American Institute of Certified Public Accountants*
SEC *Securities and Exchange Commission*

1 INLEIDING

Die aandeelhouders het 'n behoefte aan gerusstelling dat hulle op die finansiële jaarstate kan vertrou. Die rol van die ouditeursprofessie is om sodanige gerusstelling aan die aandeelhouders te verskaf. Verder verlang die gemeenskap gerusstelling dat hulle op die ouditeursprofessie kan vertrou. Die regulering van die ouditeursprofessie is 'n meganisme waardeur die gemeenskap gerusstelling kan verkry dat hulle op die ouditeursprofessie kan vertrou.

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat die kernoorsoke van die knelpunte rondom die ouditeursprofessie na die prosesse en prosedures van die regulering van die profesie teruggevoer kan word. Hoewel die self-regulerende raamwerk van die profesie periodiek bygewerk en verbeter is, het die mislukking van hoëprofiel-maatskappye, wat 'n hoogtepunt bereik het met die val van Enron, veroorsaak dat die doeltreffendheid van die self-regulering van die profesie en die doeltreffendheid van die oudit as 'n instrument van sosiale beheer bevraagteken word. Die gemeenskap se vertroue is geskend. Barker (2002) bevestig dit dat die verlening van vertroue aan 'n groep professionele persone deur die gemeenskap die hartklop van enige profesie is. Die reeks finansiële skandale wêreldwyd het tot 'n *krisis* in die ouditeursprofessie gelei asook tot ernstige vrae oor die integriteit van die finansiële verslagdoeningstelsel en die gehalte en bruikbaarheid van inligting (Pit, SEC-voorsitter, in SEC chairman speaks out ... 2002, Stoneman, 'n prokureur, in Svaldi 2002).

“... the damage to the reputation of our financial reporting system and its critical guardians has been so severe that the investing public has lost confidence and now demands real reforms” (Three voices, one message 2003).

Volgens Churchill bestaan die Chinese ideogram vir *krisis* uit twee elemente wat onderskeidelik *gevaar* en *geleentheid* beteken (Barker 2002). Indien dit op die krisis in die ouditeursprofessie toegepas word:

Die *gevaar*: Die ouditeursprofessie het nie meer 'n bestaansreg nie.

Die *geleentheid*: Die ouditeursprofessie kan die vertroue van die gemeenskap herwin.

Volgens Castellano (2002) besef die ouditeursprofessie dat die self-regulerende proses verbeter moet word ten einde die vertroue in die professie te herstel. As die professie steeds die enigste verskaffers van gerusstellingsdienste aan die gemeenskap wil wees, moet hy wyses vind om die gemeenskap gerus te stel dat hy die verantwoordelikhede gaan nakom wat saam met die voorreg kom om die enigste verskaffers van gerusstellingsdienste te wees. Dit is duidelik dat 'n omvattende hersiening en modernisering van die ouditeursprofessie nodig is.

Volgens Bart, 'n ouditeur en professor in strategiese bestuur in Kanada, was Enron 'n wekroep aan ouditeure om hulle oorsprong as 'n professie te herontdek (Lorinc 2002). Ten einde die vertroue van die gemeenskap te herwin, is dit noodsaaklik dat die lede van die ouditeursprofessie aan die gemeenskap moet bewys dat hulle aan die eienskappe van 'n professie voldoen. Deur die nakoming van hulle sosiale verantwoordelikheid kan ouditeure die vertroue van die gemeenskap in die professie, wat met verloop van jare gekwyn het, herwin.

Die gemeenskap wil vertroue hê dat dienste van die hoogste standaard gelewer word deurdat ouditeure te alle tye bevoeg en onafhanklik is en professioneel optree. Die gemeenskap wil ook vertroue hê dat die nakoming van professionele standaard en optrede gemonitor word en oortreders gedissiplineer word. Die regulering van die ouditeursprofessie is 'n meganisme waardeur die gemeenskap geruststelling kan verkry dat die ouditeursprofessie toepaslik beheer word en daarom vertrou kan word (sien hoofstuk 3, afdeling 5). Soos blyk uit hoofstuk 2, die aard en wese van ouditering, tree ouditeure as agente vir die gemeenskap op. Uit die rol van die ouditeursprofessie is dit duidelik dat die ouditeursprofessie in nastrewing van die belange van die gemeenskap, oftewel in openbare belang, behoort op te tree. Die oorkoepelende aspek waarteen die regulering van die ouditeursprofessie gemeet moet word, is of regulering in openbare belang geskied.

Die krisis het daartoe gelei dat die ouditeursprofessie die *geleentheid* het om die strukture en prosesse van regulering na aanleiding van die knelpunte rondom die ouditeursprofessie, soos blyk uit hoofstuk 4, aan te pas sodat die professie in openbare belang kan optree en die vertroue van die gemeenskap kan herwin.

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat 'n onafhanklike liggaam wat nie vasgevang word deur die partye wat gereguleer word nie, vir die regulering van die ouditeursprofessie verantwoordelik moet wees. Ten einde die vertroue in die professie te herstel, moet die professie op so 'n wyse gereguleer word dat die openbare belang nagestreef word deur die onafhanklikheid en siening van onafhanklikheid van ouditeure te bevorder.

Ezzell, voorsitter van die AICPA, beklemtoon egter met die volgende uitlating die feit dat dit nie 'n maklike proses gaan wees om die vertroue van die gemeenskap in die ouditeursprofessie te herstel nie: “It's clear, however, that restoring investors' ... eroded confidence in auditors won't be a cakewalk” (Tie 2002).

Teen dié agtergrond word daar in hierdie hoofstuk ondersoek ingestel na die regulering van die ouditeursprofessie in sekere Engelssprekende lande met wie daar historiese en professionele bande bestaan, waar die regulering van die ouditeursprofessie onder die vergrootglas gekom het en die geleentheid aangegryp is om veranderinge in die struktuur van regulering aan te bring. Die regulering van die ouditeursprofessie in Ierland, Engeland, Amerika, Australië en Kanada word vervolgens ondersoek.

Daar word eerstens ondersoek ingestel na die regulering vóórdat veranderinge aangebring is (eertydse regulering) en tweedens na die regulering nádat veranderinge aangebring is in 'n poging om die vertroue van die gemeenskap te herwin (hedendaagse regulering). Daarna word daar aangedui in watter mate die hedendaagse regulering die faktore bevredig wat in 'n reguleringstelsel van belang is, soos in hoofstuk 3, afdeling 2.4 beskryf.

2 REGULERING VAN DIE OUDITEURSPROFESSIE IN IERLAND

Om leesbaarheid te vergemaklik, word die volgende afkortings in afdeling 2 gebruik:

ACCA	<i>Association of Chartered Certified Accountants</i>
APB	<i>Auditing Practices Board</i>
CIMA	<i>Chartered Institute of Management Accountants</i>
IAASA	<i>Irish Auditing and Accounting Supervisory Authority</i>
ICAEW	<i>Institute of Chartered Accountants in England and Wales</i>
ICAI	<i>Institute of Chartered Accountants in Ireland</i>
ICAS	<i>Institute of Chartered Accountants in Scotland</i>
ICPAI	<i>Institute of Certified Public Accountants in Ireland</i>
JDS	<i>Joint Disciplinary Scheme</i>
JMU	<i>Joint Monitoring Unit</i>
RGA	<i>Review Group on Auditing</i>
VK	Verenigde Koninkryk

2.1 Eertydse regulering

Die ouditeursprofessie in Ierland is vir jare hoofsaaklik deur professionele liggame waarvan die ICAI, die ACCA, die CIMA en die ICPAI die vier grootstes is, gereguleer. Die ICAI, wat op 14 Mei 1888 gestig is, is die oudste en grootste professionele liggaam in Ierland (ICAI 2002a, ICAI 2003a). Onafhanklike individue is lede van die professionele liggame se onderskeie komitees en die lede van die professionele liggame is vir die finansiering van dié liggame verantwoordelik (ICAI 2002b, ICAI 2003d). Die *Minister for Enterprise, Trade and Employment* het die professionele liggame erken en het toesig oor hulle gehou volgens die statutêre magte voorgeskryf in die Maatskappywet, 1990, artikels 191 en 192 (Irish Government Publications 2000:17).

Die JMU, wat uit voltydse onafhanklike inspekteurs bestaan, was verantwoordelik vir die monitering van ouditeure namens die ICAEW, die ICAS en die ICAI. Die JMU was verantwoordelik om jaarliks aan die *Department of Trade and Industry* in Engeland verslag te lewer oor hulle onafhanklike moniteringsaktiwiteite. Firms is jaarliks ondersoek na aanleiding van hulle grootte, 'n klagte deur die gemeenskap of 'n kliënt, willekeurige seleksie of 'n vorige besoek. Die 20 grootste ouditeursfirmas is jaarliks ondersoek. Die ACCA het sy eie moniteringseenheid gehad (Accountancy Foundation 2002b:15 &19, ICAI 2003d).

Klagtes van die gemeenskap of kliënte of die monitering deur die JMU het in sekere gevalle tot dissiplinêre optrede gelei. Gevalle wat in openbare belang was, is namens die ICAEW, die ICAS, die ICAI en die ACCA deur die JDS gehanteer. Onafhanklike ondersoeke is uitgevoer en dissiplinêre stappe is gedoen in gevalle waar daar nie aan standarde voldoen is nie (Accountancy Foundation 2002b:20).

Die ouditeursprofessie in Ierland was verder aan die openbare oorsig van die *Review Board* in Engeland onderhewig (ICAI 2003d).

2.2 Hedendaagse regulering

Ierland was die eerste land waar die bedrywighede van die ouditeursprofessie onder die soeklig geplaas is. Die regering van Ierland het in 2000 'n ondersoek-groep, die RGA, aangestel om sekere aspekte van die ouditeursprofessie, waaronder self-regulering van die professie, te ondersoek. Die verslag van die ondersoek-groep is in 2000 gepubliseer, getiteld *The Report of the Review Group on Auditing* (Irish Government Publications 2000:15). Met hierdie verslag het die self-regulering van die ouditeursprofessie opnuut onder die vergrootglas gekom.

Volgens die verslag van die RGA was 'n meer “demanding” en doeltreffender stelsel van regulering vir die ouditeursprofessie nodig indien die waarde van gerusstellingsdienste en die aansien van die ouditeursprofessie verbeter wou word. Verder was die RGA ook van mening dat beter rekenskap vereis word, eerstens tussen die regering en die professionele liggame aan wie wetgewing die verantwoordelikheid delegeer om toesig oor die professie te hou, en tweedens tussen die professionele liggame en die lede van die professie ten einde te verseker dat die lede aan die etiese en auditstandaarde voldoen (Irish Government Publications 2000:16.). Die RGA beklemtoon egter die belangrikheid van 'n balans tussen die implementering van reëls oor onafhanklikheid en die regulering van ouditeure enersyds, en die behoud van Ierland se mededingende posisie andersyds (ICAI 2001a).

Die regering van Ierland het in Januarie 2001 besluit om die aanbevelings van die RGA te implementeer. Die ICAI het dié besluit verwelkom. Walsh, uitvoerende hoof van die ICAI, het dit ondersteun met sy stelling “The Review Group on Auditing has provided the profession and Government with the opportunity to move forward together on the issue of effective regulation. The ICAI looks forward to working with Government to improve public confidence through a strong, effective and transparent regulatory system” (ICAI 2001c).

In April 2001 is die IAASA gestig om die *Tánaiste* se departement wat vir die formulering van die wetgewing verantwoordelik is, te help met die opstel van wetgewing ten einde die verslag van die RGA ten uitvoer te bring (ICAI 2001a). Voorlopige wetgewing is in Februarie 2002 gepubliseer (Walsh 2003) en die finale *Companies (Auditing and Accounting) Bill, 2003* in Desember 2003 (ICAI 2003g). Walsh (2003) het die *Companies (Auditing & Accounting) Bill, 2003* beskryf as:

“... the most important piece of legislation affecting the accountancy profession to be introduced since the foundation of the State.”

Dié wetgewing plaas die IAASA op 'n statutêre grondslag en dra van die funksies wat met die professionele liggame verband hou, van die *Minister for Enterprise, Trade and Employment* af oor aan die IAASA (Accountancy Foundation 2002b:14, ICAI 2003h). Die IAASA se verantwoordelikheid sluit in: Toesig oor die erkende professionele liggame rakende die regulering en monitering van hulle lede (insluitende die verantwoordelikheid vir erkenning van die professionele liggame, die stel van die vereiste professionele kwalifikasies asook die bevoegdheid om, indien nodig, betrokke te raak by die ondersoek en dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en die uitvoer van onafhanklike ondersoeke in gevalle van openbare belang), die bevordering van hoë-gehalte professionele standaarde in die

ouditeursprofessie en die lewering van advies aan die regering oor oudit en rekeningkundige aangeleenthede (Accountancy Foundation 2002b:14 & 18, ICAI 2003e, ICAI 2003h, Walsh 2003).

Die IAASA is onafhanklik van die ouditeursprofessie en verteenwoordigend van die vernaamste belanghebbende partye, en nie meer as twee van die liggame se 13 lede mag ouditeure wees nie. Die professionele liggame en die regering is verantwoordelik om die IAASA op 'n 60/40-grondslag te finansier (Accountancy Foundation 2002b:15, ICAI 2003h).


Die erkende professionele liggame se plig is om, onder toesig van die IAASA, steeds hulle lede te monitor, ondersoek en dissiplineer. Die IAASA beskik oor die mag om gevalle van beweerde wangedrag deur lede, in die belang van die gemeenskap, te ondersoek (Accountancy Foundation 2002b:15). Die wet verleen statutêre erkenning aan die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en derhalwe beskik dié liggame oor die nodige mag om ondersoek in te stel (ICAI 2002b).

Elke professionele liggame sal steeds vir sy eie etiese kode verantwoordelik wees, hoewel die IAASA vir oorsig oor die kodes verantwoordelik sal wees (voorheen die verantwoordelikheid van die *Minister for Enterprise, Trade and Employment*) (Accountancy Foundation 2002b:15).

Ouditstandaarde sal steeds deur die APB vir die VK en Ierland opgestel word en in Ierland deur die ICAI uitgevaardig word. Die IAASA (voorheen die regering) het waarnemer-status in die APB (Accountancy Foundation 2002b:15).

Die Wet magtig die IAASA om prosedures te formuleer om met klagtes te handel. Die regering het die IAASA versoek om die begrip *accountant* te definieer. Soos die wet tans staan, kan enigiemand homself as 'n rekenmeester beskryf en buite die jurisdiksie van die IAASA val (ICAI 2002b, ICAI 2003c, ICAI 2003g). Tans is dit voordelig vir diegene wat nie lid van een van die erkende professionele liggame is nie, want hulle is vry van die gehaltebeheer van die professionele liggame (voortdurende monitering, praktykoorsigte, voortdurende professionele ontwikkeling, formele onderrig, opleiding en eksamens) en nou is hulle ook vry van oorsig deur die statutêre oorsigliggame.

Sien figuur 5.1 vir 'n voorstelling van die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Ierland.



Figuur 5.1 Regulering van die ouditeursprofessie in Ierland

2.3 *Mate waarin aan die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is, voldoen word*

Die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is (mandaat, struktuur, onafhanklikheid, bevoegdheid, doeltreffendheid, rekenpligtigheid, en prosesse en prosedures), word soos volg deur die reguleringstelsel van die ouditeursprofessie in Ierland aan voldoen:

Mandaat

'n Oorsigliggaam (die IAASA) wat deur wetgewing daargestel is, is verantwoordelik vir oorsig oor die professionele liggame. Dié regulerende liggame beskik dus oor 'n statutêre mandaat. Die IAASA beskik ook oor statutêre mag om, indien nodig, betrokke te raak by die ondersoek en dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en by die uitvoer van onafhanklike ondersoeke in gevalle van openbare belang. Die bestek van die mandaat wat aan dié reguleerder verleen word, is van so 'n aard dat dit eerstens verantwoordelik is vir oorsig oor die erkende professionele liggame (na onder) en tweedens vir die lewering van advies aan die regering oor oudit en rekeningkundige aangeleenthede (na bo). Wetgewing maak egter net voorsiening vir toesig oor lede van die erkende professionele liggame terwyl daar geen melding is van individue wat hulle self as rekenmeesters ag, maar nie lede van een van die erkende professionele liggame is nie. Die etiese en ouditstandaarde waaraan die lede van die ouditeursprofessie onderhewig is, is egter nie statutêr afdwingbaar nie en daar is verder geen statutêre plig dat die professionele liggame aan die statutêre oorsigliggaam verslag moet doen nie.

Die erkende professionele liggame beskik nie oor 'n statutêre mandaat nie. Die bestek van die mandaat van dié liggame behels dat hulle die gedrag en optrede van hulle lede moet monitor, ondersoek en, indien nodig, oortreders moet dissiplineer. Die regering verleen egter statutêre erkenning aan die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en derhalwe beskik hulle oor die nodige mag om ondersoek na beweerde oortredings in te stel. Dié liggame is ook vir die etiese kode van hulle lede verantwoordelik. Die etiese en ouditstandaarde waaraan die lede onderhewig is, is egter nie statutêr afdwingbaar nie en daar is verder geen statutêre plig dat die lede van die professionele liggame aan dié liggame verslag moet doen nie.

Struktuur

Die struktuur van die oorsigliggaam is van so 'n aard dat verskeie belanghebbende partye daarin verteenwoordig word, wat nie net sal verseker dat die eksterne mening in ag geneem word nie, maar ook dat die gemeenskap gerusstelling verkry dat hulle belange in ag geneem word, wat op sy beurt weer die vertroue van die gemeenskap in die ouditeursprofessie sal verhoog. Die IAASA word deur die regering en die professionele liggame gefinansier, wat na alle verwagting behoort te verseker dat die liggame oor voldoende hulpbronne beskik om sy take uit te voer.

Die erkende professionele liggame het wel onafhanklike individue as lede van hulle onderskeie komitees, maar die meerderheid van die lede is steeds verteenwoordigend van die ouditeursprofessie. Die professionele liggame word deur hulle lede gefinansier wat daarop dui dat die liggame ook voldoende hulpbronne behoort te hê om hulle take uit te voer.

Onafhanklikheid

Die oorsigliggaam behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as onafhanklik gesien te word, omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van dié reguleerder verteenwoordig word, met 'n maksimum van twee van die 13 lede as ouditeure. Dié liggaam behoort dus as gevolg van sy samestelling nie aan die invloede van die regering of enige belangegroep onderhewig te wees nie en derhalwe behoort die openbare belang gedien te word. Die professionele liggame is net vir 60% van die finansiering van die reguleerder verantwoordelik, wat daartoe sal bydra dat die liggaam as onafhanklik gesien word.

Die erkende professionele liggame het wel onafhanklike individue as lede van hulle onderskeie komitees, maar die meerderheid van die lede is steeds verteenwoordigend van die ouditeursprofessie, wat daartoe kan lei dat hulle nie as onafhanklik van die partye wat gereguleer word, gesien word nie. Die professionele liggame word deur hulle lede gefinansier, wat tot verdere twyfel oor hulle onafhanklikheid kan lei.

Bevoegdheid

Die bevoegdheid van die oorsigliggaam kan 'n probleem oplewer omdat spesialiste (ouditeure) gereguleer word, en die wet vereis dat 'n maksimum van twee van die 13 lede van die IAASA ouditeure mag wees. Die funksies van die reguleerder vereis 'n hoë vlak van gespesialiseerde tegniese kennis van die gebied wat gereguleer word en die reguleerder kan dalk nie in staat wees om sy funksies behoorlik te vervul sonder voldoende kennis en ondervinding van dié gebied nie, hoewel daar voldoende bevoegdheid ten opsigte van die openbare belang behoort te wees.

Die erkende professionele liggame behoort geen probleem te hê wat betref bevoegdheid oor die gebied wat gereguleer word nie omdat die meerderheid van die lede van dié liggame deel van die ouditeursprofessie is en derhalwe oor spesialis-kennis behoort te beskik, maar bevoegdheid wat betref die openbare belang kan 'n probleem wees.

Doeltreffendheid

Die oorsigliggaam is 'n eksterne statutêre liggaam. Die liggaam behoort dus nie aan baie burokrasie onderhewig te wees nie, wat heel waarskynlik daartoe sal lei dat dié liggaam ekonomies doeltreffend funksioneer. Die liggaam behoort ook as gevolg van sy struktuur en samestelling sy sosiale verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap (die beskerming van die openbare belang) te kan nakom. Die samestelling en struktuur van die liggaam behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Die erkende professionele liggame behoort ook ekonomies doeltreffend te kan funksioneer omdat hulle direk skakel met die partye wat gereguleer word, maar weens hulle gebrek aan onafhanklikheid van die ouditeursprofessie kan hulle probleme ondervind om hulle sosiale verantwoordelikhede as beskermers van die openbare belang na te kom. Die samestelling en struktuur van dié liggame behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Rekenpligtigheid

Daar is geen statutêre vereiste dat die oorsigliggaam aan die regering rekenskap moet gee oor die wyse waarop hy sy mandaat uitgevoer het ten einde vas te stel of die openbare belang vooropgestel is nie.

Daar is ook geen statutêre vereiste dat die erkende professionele liggame aan die oorsigliggaam rekskap moet gee oor die wyse waarop hulle hulle mandaat ten uitvoer gebring het nie. Die verslag van die RGA het egter gemeld dat die stigting van 'n oorsigliggaam voldoende is om die professionele liggame rekenpligtig te hou (Accountancy Foundation 2002b:15). Die oorsigliggaam beskik egter oor voldoende hulpbronne wat in die rekenpligtighedsproses gebruik kan word.

Prosesse en prosedures

Die oorsigliggaam is verantwoordelik vir toesig oor die erkende professionele liggame en beskik oor statutêre magte om, indien nodig, betrokke te raak by die ondersoek en dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en die uitvoer van onafhanklike ondersoeke in gevalle van openbare belang. Die oorsigliggaam het waarnemer-status in die APB wat verantwoordelik is vir die stel van ouditstandaarde. Die verslag van die RGA het gemeld dat die stigting van 'n oorsigliggaam voldoende is om die stelsel deursigtig te maak (Accountancy Foundation 2002b:15).

Die erkende professionele liggame is verantwoordelik om die gedrag en optrede van hulle lede te monitor en, indien nodig, oortreders te dissiplineer. Die regering verleen statutêre erkenning aan die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en derhalwe beskik dié liggame oor die nodige mag om ondersoek na beweerde oortredings in te stel. Onafhanklike individue is lede van die professionele liggame se onderskeie komitees, hoewel die meerderheid van die lede steeds verteenwoordigend van die ouditeursprofessie is.

2.4 Gevolgtrekking

Dit blyk dat die ouditeursprofessie in Ierland, wat eens aan totale self-regulering onderhewig was, nou gereguleer word deur 'n *self-regulerende stelsel onderhewig aan statutêre oorsig* of, soos Walsh, hoofuitvoerende beampte van die ICAI, dit stel: “statutorily supervised self-regulation” (ICAI 2002b).

Die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Ierland spreek die knelpunte rondom die ouditeursprofessie, soos in hoofstuk 4 geïdentifiseer, soos volg aan:

Onafhanklikheid

Die statutêre oorsigliggaam, die IAASA, behoort tot die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie by te dra omdat dié liggaam verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en nie net deur die professie gefinansier word nie. Dié liggaam behoort ook as gevolg van sy samestelling nie aan die invloede van die regering of enige belangegroep onderhewig te wees nie en derhalwe behoort die openbare belang gedien te word.

Etiese en ouditstandaarde

Die gemeenskap is steeds nie aktief betrokke by die stel van ouditstandaarde nie, maar die IAASA het waarnemer-status in die APB. Die IAASA is verder vir oorsig oor die etiese kodes van die professionele liggame verantwoordelik.

Monitering en dissiplinerings

Die monitering en dissiplinerings van die ouditeursprofessie behoort verbeter te word omdat die IAASA vir oorsig oor die professionele liggame verantwoordelik is en, indien nodig, betrokke kan raak by die ondersoek en dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en vir die uitvoer van onafhanklike ondersoeke in gevalle van openbare belang. Statutêre erkenning word aan die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame verleen en derhalwe beskik dié liggame oor die nodige mag om ondersoek in te stel.

Danksy die stigting van die statutêre oorsigliggaam wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is (met ouditeure in die minderheid) en wat nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie, behoort die hedendaagse regulering van die professie in Ierland by te dra om die knelpunte rondom die professie uit die weg te ruim. Heelwat meer sal egter gedoen moet word om die vertroue in die professie te herwin en om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie verder te verbeter, soos die verbod op die lewering van nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte, verpligte verwisseling, die instel van 'n afkoelperiode voordat voormalige gerusstellingspersoneel deur gerusstellingskliënte in diens geneem kan word, en die aanstelling en vergoeding van ouditeure deur die ouditkomitee. Die gemeenskap moet ook betrokke wees by die stel van etiese en ouditstandaarde en rekenskap moet aan die gemeenskap gegee word.

3 REGULERING VAN DIE OUDITEURSPROFESSIE IN ENGELAND

Om leesbaarheid te vergemaklik, word die volgende afkortings in afdeling 3 gebruik:

ACCA	<i>Association of Chartered Certified Accountants</i>
AF	<i>Accountancy Foundation</i>
APB	<i>Auditing Practices Board</i>
APC	<i>Auditing Practices Committee</i>
ASB	<i>Accounting Standards Board</i>
CCAB	<i>Consultative Committee of Accountancy Bodies</i>
CGAA	<i>Co-ordinating Group on Accounting and Auditing issues</i>
CIMA	<i>Chartered Institute of Management Accountants</i>
CIPFA	<i>Chartered Institute of Public Finance and Accountancy</i>
DTI	<i>Department of Trade and Industry</i>
ESB	<i>Ethics Standards Board</i>
FRC	<i>Financial Reporting Council</i>
FRRP	<i>Financial Reporting Review Panel</i>
ICAEW	<i>Institute of Chartered Accountants in England and Wales</i>
ICAI	<i>Institute of Chartered Accountants in Ireland</i>
ICAS	<i>Institute of Chartered Accountants in Scotland</i>
IDB	<i>Investigations and Discipline Board</i>
IU	Inspeksie-eenheid
JDS	<i>Joint Disciplinary Scheme</i>
JMU	<i>Joint Monitoring Unit</i>
POBA	<i>Professional Oversight Board for the Accountancy Profession</i>
RB	<i>Review Board</i>
RSB	<i>Recognised Supervisory Bodies</i>
VK	Verenigde Koninkryk

3.1 Eertydse regulering

In Engeland het die DTI oorkoepelende verantwoordelikheid gehad vir maatskappywetgewing, wat die regulering van ouditeure insluit. 'n Statutêre raamwerk het die oorsig en kwalifikasies van ouditeure asook die pligte en regte van ouditeure beheer hoewel die ander verantwoordelikhede aan die professionele liggame gedelegeer is (Accountancy Foundation 2002b, Davies 2002:22). Die ouditeursprofessie was self-regulerend van aard binne 'n statutêre raamwerk, waaronder die *Companies Act 1985* soos gewysig deur die *Companies Act 1989*, (Gray & Manson 2000:574).

Die Maatskappywet van 1985 het vereis dat alle geregistreerde maatskappye jaarliks geouditeer moet word. Die Maatskappywet van 1989 het die *Secretary of State* gemagtig om die ouditeursprofessie te reguleer, maar die self-regulerende status van die ouditeursprofessie is behou deurdat die grootste professionele liggame die titel RSB gekry het sodat die *Secretary of State* mag aan hulle kon delegeer. Die RSB was verantwoordelik om 'n register van lede te hou, te verseker dat hulle lede behoorlik gekwalifiseer is en aan die etiese en ouditstandaarde voldoen, asook vir die monitering en dissiplinerings van hulle lede. Slegs lede van die RSB mag oudits uitgevoer het (Stevenson 2002:155-182).

In Engeland is daar 'n aantal professionele liggame wat die belange van die ouditeursprofessie behartig en wat as RSB erken word. Die ICAEW, wat die vernaamste professionele liggaam in die VK en die grootste in Europa is, is in 1880 gestig met die samevoeging van ses plaaslike verenigings in London, Liverpool, Manchester en Sheffield (Edwards 2003:58, ICAEW 2003).

Die APC is in 1973 as 'n komitee van die ICAEW gestig na aanleiding van kritiek teen die ouditeursprofessie (omdat die waarde van eiendomme baie gedaal en 'n aantal banke misluk het) (Gray & Manson 2000:574). Volgens Mitchell en Sikka (Gray & Manson 2000:575) is die tekortkominge van die APC in die laat 1980's al hoe meer deur die media blootgelê, wat daartoe gelei het dat die ouditeursprofessie besluit het om die APC te verbeter. Gevolglik is die APB in 1991 gestig.

Volgens Sikka (in Gray & Manson 2000:576) het 'n aantal finansiële skandale, voorgestelde veranderinge in die *Cross Report* in 1977 en die *Greenside Report* daartoe gelei dat die ouditeursprofessie (ICAEW, ICAS, ICAI en ACCA) die JDS in 1979 gestig het met die doel om die gedrag van die lede van die ouditeursprofessie te reguleer en oortreders te dissiplineer. Elke professionele liggaam het detail-prosedures vir die hantering van dissiplinêre gevalle, maar gevalle wat in openbare belang is, is deur die JDS hanteer (Accountancy Foundation 2002b).

Die JMU is gesamentlik deur die ICAEW, ICAS en die ICAI gevorm terwyl ACCA sy eie moniteringsmeganisme ingestel het om aan die vereistes van die Maatskappywet te voldoen (Gray & Manson 2000:577). Die JMU was verantwoordelik om die ouditeursfirmas wat lede is se nakoming van die auditstandaarde te monitor. Die ACCA het 'n soortgelyke stelsel gehad. Beide die JMU en die ACCA het jaarliks aan die DTI verslag gelewer oor hulle moniteringsaktiwiteite. Die JMU het op 'n jaargrondslag die 20 grootste ouditeursfirmas wat 95% van die publieke genoteerde maatskappye audit, geïnspekteer (Accountancy Foundation 2002b, Reeves 2002c:8).

Die FRC, 'n privaat liggaam, se rol was om goeie finansiële verslagdoening te bevorder en het as die oorkoepelende liggaam van sy twee uitvoerende liggame, die FRRP en die ASB, gedien. Die FRRP was verantwoordelik om die finansiële jaarstate van maatskappye te ondersoek om vas te stel of daar aan die rekeningkundige vereistes van die maatskappywet voldoen is. Die FRRP het oor die toepaslike statutêre mag beskik om op te tree. Die ASB is sedert 1990 vir die stel van rekeningkundige standaarde verantwoordelik (Accountancy Foundation 2002b).

In reaksie op korporatiewe en auditmislukkings soos BCCI, Maxwell en Polly Peck is die struktuur van self-regulering van die ouditeursprofessie in die VK in 2000 aangepas om te verseker dat die gemeenskap se belange beskerm word. Die regering het in samewerking met die professionele liggame die AF gestig ten einde die gemeenskap se vertroue in die ouditeursprofessie te verhoog ná die aantal korporatiewe mislukkings in die 1980's. Die rol van die AF was om die onafhanklikheid van die self-regulerende professionele liggame te beskerm en om te verseker dat die self-regulerende stelsel op 'n doeltreffende wyse verseker dat die gemeenskap se belange in aanmerking geneem word by onder meer die stel van standaarde en die nakoming van dissiplinêre verantwoordelikhede. Die AF was die sleutelkontak tussen die regering, die ouditeursprofessie en verskeie belanghebbendes. Die AF was verantwoordelik vir die nie-statutêre onafhanklike oorsig van die regulering van die

ses professionele liggame waaruit die CCAB bestaan: die CIMA, die CIPFA, die ICAEW, die ACCA, die ICAI en die ICAS (Irish Government Publications 2000:46-47, Accountancy Foundation 2002a, Borrie 2002:1, Reeves 2002a:22, Accountancy Foundation 2003).

Die meerderheid van die AF se lede was nie-ouditeure ten einde groter deursigtigheid te verleen (Questions of regulation 2001). Die lede van die AF het die siening van verskeie belanghebbendes verteenwoordig en nie slegs dié van die ouditeursprofessie nie (Borrie 2002:1). Die AF is deur die ses lede van die CCAB gefinansier (Accountancy Foundation 2002b).

Die AF was ook verantwoordelik vir oorsig oor die RB, wat sedert Maart 2001 in werking is, en die verwante liggame, die APB, die ESB en die IDB. Dié drie verwante liggame was vir die volgende funksies verantwoordelik (Accountancy Foundation 2002b):

- Die APB: Vir die stel van ouditstandaarde.
- Die ESB: Vir die ontwikkeling van etiese standaarde. Dié liggaam het gespesifiseer watter standaarde nodig is en watter aangeleenthede aangespreek moet word, terwyl die CCAB die standaarde opgestel het.
- Die IDB: Vir die ondersoek van gevalle in openbare belang, terwyl ander gevalle steeds deur die professionele liggame hanteer is. Dié liggaam het die funksie van die JDS oorgeneem. Dissiplinêre gevalle wat deur die professionele liggame verwys is, is ondersoek en toepaslik mee gehandel.

Die AF was verantwoordelik om die lede van die genoemde rade aan te stel en vir die finansiering van dié rade. Die meerderheid van die lede van die rade was nie-ouditeure. Die DTI het waarnemer-status in die APB en die ESB gehad (Accountancy Foundation 2002b).

Die RB was verantwoordelik om toesig te hou oor die stel van standaarde en die stelsels wat betref dissiplinêre en professionele gedrag en regulering van die professionele liggame. Die RB was verantwoordelik vir oorsig oor die regulerende funksies van die ses professionele liggame om te verseker dat hulle in belang van die gemeenskap optree. Die RB moes ook toesig hou oor die funksies van die drie verwante liggame (Questions of regulation 2001, Accountancy Foundation 2002b, Borrie 2002:1, Reeves 2002b, Review Board 2002).

3.2 Hedendaagse regulering

Die AF moes in 2005 hersien word, maar in reaksie op die korporatiewe mislukkings soos WorldCom en Enron is dit vervroeg en is die CGAA gestig om ondersoek in te stel. In Julie 2002 het die regering die tussentydse verslag van die CGAA bekend gestel (Accountancy Foundation 2002b).

Trade and Industry secretary Hewitt het in Oktober 2002 aangekondig dat die globale struktuur van regulering, insluitende self-regulering, in Engeland hersien moes word (Accountancy Foundation 2002a, Taylor & Collins 2002:13). Die ondersoek het onder meer behels:

- Watter regulerende funksies nodig is, wie dit moet uitvoer en hoe dit gefinansier moet word.
- Of die balans tussen professionele self-regulering en onafhanklike regulering reg is en of daar 'n statutêre grondslag vir regulering moet wees.

Aangeleenthede soos die volgende is ondersoek: Of die ouditeursprofessie steeds sy eie etiese standaard moet stel en of die professionele etiese standaard voldoende gerusstelling oor die onafhanklikheid van ouditeure verskaf, insluitende die beperkinge op die lewering van nie-gerusstellingsdienste, die verpligte verwisseling van ouditeure, asook die openbaarmaking van gerusstellings- en nie-gerusstellingsfooië; of die ouditeursprofessie steeds die optrede en gedrag van ouditeursfirmas moet monitor; en of daar strenger onafhanklike oorsig moet wees. Kommentaar is van alle belanghebbendes aangevra (Accountancy Foundation 2002a, Government catches Enronitis 2002:8, Hewitt 2002:8, Taylor & Collins 2002:13).

Die regering het in Januarie 2003 sy gevolgtrekkings oor die verslag van die CGAA en die regulerende struktuur van die ouditeursprofessie bekend gemaak. Die regering het aangekondig dat 'n regulerende liggaam wat uit verteenwoordigers van die regering en die gemeenskap bestaan, ingestel gaan word om die ouditeursprofessie wat voorheen op self-regulering staatgemaak het, te reguleer (Lymer 2003c, Lymer 2003n). Borrie, voorsitter van die AF, en Nicholson, voorsitter van die FRC, was van mening dat die regering daarin geslaag het om nie die ouditeursprofessie te oorreguleer nie en het opgemerk (Lymer 2003n): “We are confident that the proposals will provide the necessary degree of independent oversight in a cost-effective way. They also provide a clearer and more coherent framework from which everyone will benefit”.

Die DTI het besluit dat die verantwoordelikhede van die AF deur 'n uitgebreide FRC oorgeneem moet word wat volgens Hewitt (Grant, Evers & Hinks 2003:5) 'n “super watchdog for accountants” gaan wees. In Maart 2003 is Sir Bryan, voorsitter van die FRC, ook as die voorsitter van die AF aangestel - die eerste stap in die rigting om die rolle van die FRC en die AF te kombineer (Lymer 2003e, Lymer 2003l).

Die uitgebreide FRC se doel is om die ouditeursprofessie te versterk deur die verskaffing van 'n doeltreffende stelsel van regulering. Sy sleutelfunksies is onder meer die stel van rekeningkundige en auditstandaarde, die pro-aktiewe toepassing en monitering daarvan en toesig oor die self-regulerende professionele liggame (Lymer 2003e).

Die APB en die IDB wat voorheen onder die RB geressorteer het, en die FRRP en die ASB wat voorheen onder die FRC gestaan het, bly voortbestaan. Die APB is verantwoordelik vir die stel en toepassing van audit- en gerusstellingstandaarde asook vir die stel van etiese standaard wat betref die onafhanklikheid, objektiwiteit en integriteit van ouditeure. Die IDB is verantwoordelik om 'n doeltreffende en deursigtige ondersoek- en dissiplineringsstelsel te vestig om gevalle in openbare belang te hanteer (Evans 2003:50-51, Hewitt 2003:21, Lymer 2004c).

*n Nuwe liggaam, die POBA, het die RB vervang. Die doelstellings van dié liggaam is soos volg (Evans 2003:50-51, Hewitt 2003:21, Lymer 2004c):

- Om die statutêre funksies rakende oudit wat voorheen deur die *Secretary of State for Trade and Industry* verrig is, oor te neem. Die funksies sluit in die magtiging van professionele liggame as RSB en om 'n erkende professionele kwalifikasie aan te bied.
- Om 'n onafhanklike IU te stig en oor te waak sodat die professionele liggame nie meer vir die monitering van ouditeure van genoteerde maatskappye verantwoordelik is nie.
- Om te waak oor die regulerende werksaamhede van die professionele liggame, insluitende opleiding, standarde, professionele gedrag en dissipline.

Die lede van die FRC bestaan uit verteenwoordigers van die sake-, beleggers-, professionele- en ander gemeenskappe met 'n belang by korporatiewe verslagdoening en beheer (die maksimum aantal lede is 30 maar geen vaste verhouding word gespesifiseer nie). Die wye verteenwoordiging verseker dat die FRC onafhanklik van die regering en van enige individuele belang is (Lymer 2003n, Financial Reporting Council 2005b). Die finansiering van dié liggaam word in drie verdeel tussen die regering, die CCAB en beleggers - wat ooreenstem met die finansiering van die vorige FRC (Evans 2003:51).

Die ICAEW het ná die val van Enron van hulle reëls in Junie 2002 verander ten einde die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie te bevorder (Haythornthwaite 2002, Perry 2002b:8, Lymer 2003m):

- Die hoofgerusstellingsvennoot en die ander sleutelvennote moet onderskeidelik ná vyf en sewe jaar verwissel.
- Gerusstellingsvennote is aan 'n tweejaar-afkoelperiode onderhewig voordat hulle by 'n gerusstellingskliënt as werknemer of direkteur mag werk.
- Geen implementering van finansiële inligtingstelsels en interne ouditdienste mag aan gerusstellingskliënte gelewer word nie.
- Geen bestuursfunksies mag verrig word nie en 'n ouditeur mag nie sy eie werk oudit nie.

Die regering het van die ICAEW se reëls aanvaar. Volgens Hewitt geld die volgende (Grant, Evers & Hinks 2003:5, Hewitt 2003:21, Lymer 2003m):

- Geen verdere verpligte verwisseling van ouditeure nie. Die ouditeursprofessie se reël dat hoofgerusstellingsvennote elke vyf jaar moet verwissel, is aanvaarbaar, en so ook dat daar 'n afkoelperiode van twee jaar vir vennote en senior personeel van die ouditeursfirma moet wees. Volgens Hewitt kan die doel van verpligte verwisseling beter bewerkstellig word deur die rol van die ouditkomitee uit te brei om vir die aanstelling van ouditeure verantwoordelik te wees.

- Geen beperking op die dienste wat ouditeursfirmas lewer nie. Volgens Hewitt is strenger standaarde, groter deursigtigheid en onafhanklike oorsig beter as 'n totale verbod op die lewering van nie-gerusstellingsdienste. Die APB het die bykomende verantwoordelikheid om standaarde vir onafhanklikheid, objektiwiteit en integriteit te stel.

'n Studie wat deur 'n onafhanklike marknavorsingsmaatskappy gedoen is, het aangetoon dat daar feitlik geen behoefte vir groter of strenger regulering van ouditering in die VK is nie. Op die vraag om areas te identifiseer waar daar 'n behoefte aan verbetering in VK geouditeerde inligting is, is verhoogde deursigtigheid en openbaarmaking en kwartaallikse verslagdoening aangedui. Slegs een Amerikaanse en vyf VK-fondsbestuurders uit die totaal van 250 het voorgestel dat gerusstellingsdienste en nie-gerusstellingsdienste in die VK geskei moet word. Slegs een Amerikaanse en drie VK-fondsbestuurders het aangedui dat ouditeure in die VK moet verwissel (Lymer 2003f). Ratcliffe, voorsitter van die *ICAEW's Audit and Assurance Faculty* het na aanleiding hiervan die volgende stelling gemaak: “The lack of demand among this group for major changes in UK auditing practice, or for greater regulation, provides backing for the measured approach to reform the Government has adopted. ... I believe the public interest is best served by considered improvements to the solid foundations laid in financial reporting and corporate governance over the last decade” (Lymer 2003f).

Volgens Hewitt gaan daar vorentoe 'n verdere hersiening wees van watter dienste deur ouditeure gelewer mag word (Hinks 2003:17).


Die FRC het 'n hersiene *Combined Code* in Julie 2003 gepubliseer en dié kode het in November 2003 in werking getree. Die kode is positief ontvang. Deloitte (Dayasena 2003a:8) het die regering geloof vir sy besluit om weg te beweeg van 'n “Sarbanes-Oxley-style solution”. Buiten die kode self is daar toepaslike leiding en die aanbevelings in die verslae van Higgs (wat handel met korporatiewe beheer) en Smith (wat handel met auditkomitees) is ook daarin vervat (Lymer 2003o).

Die rol van auditkomitees is uitgebrei om die onafhanklikheid van ouditeure te benadruk (Lymer 2003g). Dit is na aanleiding van die voorstelle van die FRC se ondersoekgroep oor auditkomitees. Dit behels onder meer dat auditkomitees slegs uit nie-uitvoerende direkteure moet bestaan waarvan minstens een oor die nodige finansiële ondervinding en kwalifikasies moet beskik (Grant, Evers & Hinks 2003:5). Bykomende verantwoordelikhede word aan die auditkomitees gegee omdat auditkomitees 'n kritieke rol het om die verhouding tussen die maatskappy en die ouditeur te monitor en om te waak oor die onafhanklikheid en objektiwiteit van ouditeure (Lymer 2003j). Wyman, president van die ICAEW, (Lymer 2003m) verwelkom ook die rol van die auditkomitee as die primêre skakel tussen die ouditeur en die maatskappy en meld dat dit die onafhanklikheid van ouditeure sal beklemtoon.

Die APB het in November 2003 'n konsepstandaard oor die integriteit, objektiwiteit en onafhanklikheid van ouditeure uitgereik. Dié standaard is beginsel-gegrond en soos Illingworth, president van die ICAEW, dit stel: “avoid the sort of narrow tick box mentality which can lead to distortion and unintended consequences” (Lymer 2003i). Vanaf 2004 moet ouditeure aan die APB se etiese standaarde voldoen en nie meer aan dié van die professionele liggame nie (Lymer 2004b).

Die ICAEW, die ICAS en die ICAI doen jaarliks praktykoorsigte by die grootste ouditeursfirmas wat die meeste van die genoteerde maatskappye audit, en sedert die begin van 2003 doen hulle elke drie jaar pleks van die gebruikelike vyf jaar praktykoorsigte by die ouditeursfirmas wat die ander genoteerde maatskappye audit (Lymer 2004a).

Sien figuur 5.2 vir 'n voorstelling van die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Engeland.



Figuur 5.2 Regulering van die ouditeursprofessie in Engeland

3.3 *Mate waarin aan die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is, voldoen word*

Die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is (mandaat, struktuur, onafhanklikheid, bevoegdheid, doeltreffendheid, rekenpligtigheid, en prosesse en prosedures), word soos volg deur die reguleringstelsel van die ouditeursprofessie in Engeland aan voldoen:

Mandaat

Die uitgebreide FRC is deur die regering daargestel en beskik dus oor 'n statutêre mandaat. Die bestek van die mandaat wat aan dié reguleerder verleen word, is van so 'n aard dat dit eerstens verantwoordelik is vir toesig oor die professionele liggame en die POBA. Die FRC is ook verantwoordelik vir die FRRP, die ASB, die APB en die IDB. Die rekeningkundige, etiese en ouditstandaarde waaraan die ouditeursprofessie onderhewig is, is egter nie statutêr afdwingbaar nie. Daar is geen statutêre plig dat die professionele liggame aan die FRC verslag moet doen nie.

Die POBA, wat ook deur die regering gestig is, is verantwoordelik vir van die statutêre funksies rakende oudit wat voorheen deur die *Secretary of State for Trade and Industry* verrig is (soos die erkenning van die professionele liggame). Die POBA is ook verantwoordelik vir toesig oor die professionele liggame en vir die inspeksie-eenheid.

Die professionele liggame beskik nie oor 'n statutêre mandaat en statutêre magte nie. Die bestek van die mandaat van die professionele liggame behels dat hulle die gedrag en optrede van hulle lede moet monitor en, indien nodig, oortreders moet dissiplineer. Die statutêre reguleerders is vir toesig oor die professionele liggame verantwoordelik. Daar is egter geen statutêre plig dat die lede van die professionele liggame aan die onderskeie professionele liggame verslag moet doen nie.

Struktuur

Die struktuur van die FRC is van so 'n aard dat verskeie belanghebbende partye daarin verteenwoordig word, wat nie net sal verseker dat die eksterne mening in ag geneem word nie, maar ook dat die gemeenskap gerusstelling verkry dat hulle belange in ag geneem word. Die FRC word deur die professionele liggame, die regering en ander belanghebbendes gefinansier, wat na alle verwagting behoort te verseker dat dié liggaam oor voldoende hulpbronne beskik om sy take uit te voer.

Die struktuur van die POBA is sodanig dat verskeie belanghebbende partye daarin verteenwoordig word. Die POBA word deur die FRC gefinansier, wat behoort te verseker dat dié liggaam oor voldoende hulpbronne beskik om sy take uit te voer.

Die professionele liggame is verteenwoordigend van die ouditeursprofessie. Hulle word deur hulle lede gefinansier, wat daarop dui dat hulle ook oor voldoende hulpbronne behoort te beskik om hulle take uit te voer.

Onafhanklikheid

Die FRC behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as onafhanklik gesien te word omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van dié reguleerder verteenwoordig word. Die FRC word deur die professionele liggame, die

regering en ander belanghebbendes gefinansier, wat daartoe sal bydra dat die liggaam as onafhanklik gesien word.

Die POBA behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as onafhanklik gesien te word, omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van dié reguleerder verteenwoordig word. Die POBA word deur die FRC gefinansier, wat daartoe sal bydra dat die liggaam as onafhanklik gesien word.

Die professionele liggame is verteenwoordigend van die ouditeursprofessie, wat kan veroorsaak dat hulle nie gesien word as onafhanklik van die partye wat gereguleer word nie. Die professionele liggame word deur hulle lede gefinansier, wat tot verdere twyfel oor hulle onafhanklikheid kan lei.

Bevoegdheid

Die bevoegdheid van die FRC en die POBA behoort nie 'n probleem te wees nie omdat verskeie belanghebbende partye, insluitende ouditeure met spesialis-kennis van die gebied wat gereguleer word en ander belanghebbendes met bevoegdheid ten opsigte van die openbare belang, in die struktuur van dié liggame verteenwoordig word.

Die professionele liggame behoort ook geen probleem te hê met bevoegdheid ten opsigte van die gebied wat gereguleer word nie omdat hulle lede deel van die ouditeursprofessie is en derhalwe oor spesialis-kennis daarvan behoort te beskik, maar hulle beskik nie oor bevoegdheid wat die openbare belang betref nie.

Doeltreffendheid

Die FRC en die POBA is onafhanklike eksterne liggame. Dié liggame behoort dus nie aan baie burokrasie onderhewig te wees nie, wat heel waarskynlik daartoe sal lei dat hulle ekonomies doeltreffend funksioneer. Dié liggame behoort ook as gevolg van hulle struktuur en samestelling hulle sosiale verantwoordelikheid (as beskermers van die openbare belang) te kan nakom. Die samestelling en struktuur van dié liggame behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Die professionele liggame behoort ook ekonomies doeltreffend te funksioneer omdat hulle direk met die partye wat gereguleer word, skakel, maar kan as gevolg van hulle gebrek aan onafhanklikheid van die ouditeursprofessie probleme ondervind om hulle sosiale verantwoordelikhede as beskermers van die openbare belang na te kom. Die samestelling en struktuur van die liggame behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Rekenpligtigheid

Daar is geen statutêre vereiste dat die FRC aan die regering rekenskap moet gee oor die wyse waarop hy aan sy mandaat voldoen het om vas te stel of die openbare belang vooropgestel is nie.

Daar is ook geen statutêre vereiste dat die POBA of die professionele liggame aan die FRC rekenskap moet gee van die wyse waarop hulle hulle mandaat uitgevoer het nie. Dié liggaam beskik egter oor genoeg hulpbronne wat in die rekenpligtigheidsproses gebruik kan word.

Prosesse en prosedures

Die FRC is verantwoordelik vir oorsig oor, finansiering van en aanstel van die lede van die FRRP, wat maatskappye se finansiële jaarstate ondersoek, en die IDB, wat klagtes teen ouditeure ondersoek en oortreders dissiplineer. Verder is die FRC ook verantwoordelik vir toesig oor, finansiering van en aanstel van die lede van die ASB, wat die rekeningkundige standaard stel, en die APB, wat etiese en auditstandaarde, insluitende standaard oor onafhanklikheid, stel. Die regering verleen die nodige statutêre mag aan die FRRP.

Die POBA is verantwoordelik vir van die statutêre funksies rakende audit (wat voorheen deur die *Secretary of State for Trade and Industry* verrig is) soos die erkenning van die professionele liggame. Die POBA is ook verantwoordelik vir toesig oor die professionele liggame en die inspeksie-eenheid. Verskeie belanghebbendes word in die POBA verteenwoordig en die FRC is vir die finansiering verantwoordelik.

Die professionele liggame is verantwoordelik om die gedrag en optrede van hulle lede te monitor en, indien nodig, oortreders te dissiplineer. Die FRC en die POBA is verantwoordelik vir oorsig oor die professionele liggame.

3.4 Gevolgtrekking

Dit blyk dat die regulering van die ouditeursprofessie in Engeland, wat eens in 'n groot mate aan self-regulering onderhewig was (hoewel binne 'n statutêre raamwerk), nou gereguleer word deur 'n *gedeelde regulerende stelsel - self-regulering en statutêre regulering*.

Die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Engeland spreek die knelpunte rondom die ouditeursprofessie, soos in hoofstuk 4 geïdentifiseer, soos volg aan:

Onafhanklikheid

Die statutêre reguleerders, die FRC en die POBA, wat onder meer vir oorsig oor die professionele liggame verantwoordelik is, behoort tot die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie by te dra omdat dié liggame verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en nie net deur die profesie gefinansier word nie.

Hoewel die ICAEW sy reëls in Junie 2002 verander het ten einde die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie te bevorder, het die regering van die reëls (verpligte verwisseling ná vyf jaar en 'n afkoelperiode van twee jaar) aanvaar, maar nie die verbod op die lewering van sekere dienste nie (onder meer interne ouditdienste en bestuursfunksies). Volgens Hewitt gaan daar vorentoe 'n verdere hersiening wees van watter dienste deur ouditeure gelewer mag word, maar tans is daar geen beperking daarop nie. Die FRC het in die hersiene *Combined Code* wat in Julie 2003 uitgereik is, slegs die rol van auditkomitees uitgebrei om die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie te benadruk (auditkomitees moet slegs uit nie-uitvoerende direkteure bestaan).

Etiese en auditstandaarde

Die etiese en auditstandaarde behoort verbeter te word omdat die FRC vir die APB, wat audit- en gerusstellingstandaarde stel, verantwoordelik is. Die FRC is ook verantwoordelik vir die finansiering en vir die aanstel van lede (waarvan die meerderheid nie-ouditeure is) van

die APB. Derhalwe behoort die standarde in die openbare belang te wees. Die professionele liggame is nie meer verantwoordelik vir die etiese kode van hulle lede nie. Die APB is ook verantwoordelik vir die stel van etiese standarde wat betref die onafhanklikheid, objektiwiteit en integriteit van ouditeure. Die APB het reeds in November 2003 'n beginselgegronde standaard oor die integriteit, objektiwiteit en onafhanklikheid van ouditeure uitgereik.

Monitering en dissiplinerings

Die monitering en dissiplinerings van die ouditeursprofessie behoort verbeter te word want hoewel die professionele liggame verantwoordelik is om die gedrag en optrede van hulle lede te monitor en oortreders te dissiplineer, is dit die funksie van die IDB om 'n doeltreffende en deursigtige ondersoek en dissiplineringsstelsel te vestig ten einde gevalle in openbare belang te hanteer, klagtes teen ouditeure te ondersoek en oortreders te dissiplineer. Die FRRP beskik oor die statutêre magte om sy funksie, naamlik die ondersoek van die finansiële jaarstate van maatskappye, te verrig. Die FRC is vir die IDB en die FRRP verantwoordelik. Die FRC is ook verantwoordelik vir die finansiering en vir die aanstel van lede (waarvan die meerderheid nie-ouditeure is) van die IDB en die FRRP. Derhalwe behoort die ondersoek en dissiplinerings van die professie meer deursigtig en in openbare belang te wees.

Verder is dit POBA se taak om 'n onafhanklike auditinspeksie-eenheid te stig en oor toesig te hou sodat die professionele liggame nie meer vir die monitering van ouditeure van genoteerde maatskappye verantwoordelik is nie. Die FRC is ook vir die finansiering van die POBA verantwoordelik en verskeie belanghebbendes word in die POBA verteenwoordig. Dit behoort daartoe by te dra dat die monitering van die ouditeursprofessie in openbare belang geskied.

Die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Engeland behoort as gevolg van die stigting van die statutêre liggame, wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en wat nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie, by te dra om die knelpunte rondom die ouditeursprofessie op te los. Heelwat meer kan egter gedoen word om die vertroue in die professie te herwin en om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie verder te verbeter, soos die verbod op die lewering van nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte en die aanstelling en vergoeding van ouditeure deur die auditkomitee. Daar behoort ook rekenskap aan die gemeenskap gegee te word.

4 REGULERING VAN DIE OUDITEURSPROFESSIE IN AMERIKA

Om leesbaarheid te vergemaklik, word die volgende afkortings in afdeling 4 gebruik:

AICPA	<i>American Institute of Certified Public Accountants</i>
ASB	<i>Auditing Standards Board</i>
DR	Dissiplinêre raad
GAO	<i>US General Accounting Office</i>
GBR	Gehaltebeheerraad
ISB	<i>Independence Standards Board</i>
PCAOB	<i>Public Company Accounting Oversight Board</i>
POB	<i>Public Oversight Board</i>
SEC	<i>Securities and Exchange Commission</i>
SOX	<i>Sarbanes-Oxley Act</i>

4.1 Eertydse regulering

In Amerika was die AICPA, 'n nasionale professionele liggaam, jare lank grootliks vir die regulering van openbare ouditeure (Certified Public Accountants) verantwoordelik. Die AICPA en sy voorgangers dien die professie sedert 1887 (AICPA 2003a).

Die ouditeure van publieke maatskappye was ook onderhewig aan die regulering van die SEC, wat in 1934 deur die *Securities Exchange Act* daargestel is (Walker 1999).

In 1977 het die ouditeursprofessie die AICPA se *SEC Practice Section* gestig met die oog daarop om rekeningkundige en auditpraktyke te verbeter (Castellano 2002, Sridharan, Caines, McMillan & Summers 2002:281). In 1977 reeds is 'n POB gestig - 'n onafhanklike privaat liggaam wat die self-regulerende programme en aktiwiteite van die AICPA gemonitor en daarvoor verslag gedoen het. Dié liggaam het egter net in 'n adviserende hoedanigheid opgetree en het oor geen magte beskik om tussenbeide te tree nie. Praktykoorsigte (peer reviews) is ook ingestel om die eenvormige toepassing van die ouditeursprofessie se standaarde te verseker. Die AICPA se *SEC Practice Section* het die praktykoorsigte-programme geadminestreer en gehaltebeheerondersoeke gedoen (Irish Government Publications 2000:54, Castellano 2002, Nel Commission 2002:328, Peterson 2002:5, Sridharan *et al* 2002:281, Venuti, Holtzman & Basile 2002).

Sedert die ontstaan van die SEC in 1934 was die ASB verantwoordelik vir die stel van audit- en gehaltebeheerstandaarde (Miller & Pashkoff 2002). In 1997 het die SEC, die AICPA en van die grootste ouditeursfirmas ooreengekom om 'n onafhanklike privaat liggaam, die ISB, te stig wat verantwoordelik was om standaarde oor die onafhanklikheid van ouditeure te stel. Dié liggaam is deur die ouditeursprofessie gefinansier en het bestaan uit vier lede van die gemeenskap, waarvan een die voorsitter was, en vier lede van die ouditeursprofessie (drie uitvoerende hoofde van die groot ouditeursfirmas en die uitvoerende hoof van die AICPA) (Glazer & Jaenicke 2002).

4.2 Hedendaagse regulering

Die ondergang van Enron het die ouditeursprofessie in die grootste krisis sedert die 1970's gedompel (toe die *Penn Central Railroad* onder andere misluk het) (Luke 2002). Ná die val van Enron het die gemeenskap optrede geëis.

In 'n poging om beleggers gerus te stel en vertroue in finansiële verslaglewering te herstel, het Pitt, SEC-voorsitter, op 11 Desember 2001 in die *Wall Street Journal* vir gesamentlike optrede deur die openbare en private sektore gepleit. Van die sake wat hy bepleit het, was 'n doeltreffende en deursigtige stelsel van self-regulering vir die ouditeursprofessie, onderhewig aan die streng toesig van die SEC, en meer pro-aktiewe toesig deur auditkomitees wat 'n begrip van rekeningkundige beginsels en die toepassing daarvan het (Thomas 2002). Die ISB het in 2001 aangekondig dat hy nie verder gaan voortbestaan nie (Glazer & Jaenicke 2002). Die SEC en die ouditeursprofessie was van die eerstes wat op die Enron-krisis gereageer het, maar volgens Thomas (2002) is dit waarskynlik deur beleggers, krediteure, wetgewers en werknemers van Enron as “too little, too late” gesien.

In Junie 2002 het die SEC sy plan om die vertroue van beleggers te verstewig, aangekondig. Die AICPA het positief daarop reageer soos blyk uit die volgende (AICPA 2002b):

“The profession is committed to participating with the SEC, Congress and others to achieve needed reform”.

“The accounting profession is vigorously in support of pursuing the reform required to restore public trust in the US capital markets and financial reporting system”.

SEC-voorsitter Pitt het 'n model vir die regulering van ouditeure wat vir die audit van publieke maatskappye verantwoordelik is, voorgestel. Dit is vervat in die SOX. Volgens dié model is daar 'n verskuiwing van openbare oorsig na openbare deelname in die praktykoorsigte en dissiplinêre stelsels wat op ouditeure van publieke maatskappye van toepassing is. Die SOX het by implikasie die einde van die self-regulering van die ouditeursprofessie teweeg gebring. Castellano, voorsitter van die AICPA, en Melancon, president van die AICPA, se reaksie was (Castellano & Melancon 2002):

“While we believe that self-regulation has been effective in contributing to the ongoing issuance of reliable financial statements, the profession recognizes the need for improvements. For this reason, we have agreed to support these proposed changes ...”.

“... the AICPA is, above all, dedicated to taking whatever steps are necessary to restore public confidence in the capital market system and accounting profession”.

Met die doel om toekomstige skandale te voorkom en om die vertroue van die gemeenskap te herwin, het die SOX op 30 Julie 2002 in werking getree nadat dié wet met slegs drie teenstemme aanvaar is (D'Andrea 2003i).

Volgens Atkins, Kommissaris van die SEC (D'Andrea 2003i), was korporatiewe verantwoordelikheid vir die eerste keer in 70 jaar 'n belangrike politieke kwessie in Amerika. Volgens hom hou die SOX baie voordele vir korporatiewe beheer in en dit is ook die eerste keer dat die Amerikaanse federale regering met korporatiewe beheer inmeng. Voorheen het elke deelstaat self oor aspekte van korporatiewe beheer besluit.

Die SOX, wat net op publieke maatskappye van toepassing is, word beskryf as:

“a major reform package mandating the most far-reaching changes Congress has imposed on the business world since FDR's New Deal” (Miller & Pashkoff 2002).

“... the most major overhaul of federal securities regulation since the Securities Exchange Act of 1934” (Banham 2003).

“the most far-reaching legislation” wat die professie sedert die 1930's beïnvloed (AICPA-president, Melancon, in Miller-Segarra 2002).

“represents the most important securities legislation since the original federal securities laws of the 1930s” (Donaldson 2003).

“... effectively ended self-regulation of the accounting profession” (Wells 2003).

“This model sends a loud and clear message that the era of self-regulation of the accounting profession is over” (Pitt, SEC-voorsitter, in SEC and senate banking committee ... 2002).

“The Sarbanes-Oxley Act dramatically redefines ... the locus of professional self-regulation” (Bricker 2003).

“The Sarbanes-Oxley Act will, perhaps, have the single largest impact on the corporate world in the last 100 years” (D*Andrea 2003g).

Daar bestaan uiteenlopende menings oor die SOX. Soos blyk uit die volgende:

“Overall this is good news. We felt it could have been worse” was die reaksie van 'n senior vennoot by 'n groot ouditeursfirma (Carlino 2003).

Volgens 'n ondersoek wat deur PricewaterhouseCoopers in Mei 2003 uitgevoer is, word die Wet meestal as 'n positiewe stap in die regte rigting beskou (D*Andrea 2003h).

“Despite rough waters in the wake of billion-dollar accounting scandals, the SEC rulings implemented a series of Sarbanes-Oxley measures, but fell short of the harsh oversight many in the profession feared and many in the public sector and investor protection groups wanted” (Carlino 2003).

“At this point, I believe government/SEC oversight is needed to regain public confidence in audits. I'm not happy about it but I guess, as a group, we have failed to prove to the public that self-regulation works.” Dit is die mening van Mathews, 'n ouditeur (Local and regional firms ... 2002).

Volgens Chenok, AICPA-president en uitvoerende hoof 1980 - 1995, is daar altyd die gevare van oorreaksie en oorregulering. Hy is van mening dat die *Sarbanes-Oxley Act* moontlik 'n oorreaksie was (Rankin 2002, Chenok 2003).

Volgens die *Business Week Magazine* het duisende lede van die ouditeurs-professie, onder leiding van die AICPA, senators en kongresvertegenwoordigers gebombardeer met boodskappe wat hulle afkeer in die wet toon (Honest accounting 2002).

Volgens Van Wyk (2003:2) bestaan die mening dat Amerika oorreegeer het deur die instelling van wat genoem word die “draconian” Sarbanes-Oxley-wet van 2002 en gepaardgaande SEC-reëls. Die noodsaaklikheid van die wet is ondersteun deur 'n ondersoek in Julie 2002 wat aangetoon het dat 71% van beleggers meen dat rekeningkundige bedrog buitensporig is (Survey of Main Street Investors) en 82% van beleggers meen dat wette noodsaaklik is (Harris Poll).

Dié wet stel die PCAOB daar om professionele mense wat vir die audit van die finansiële jaarstate van publieke maatskappye verantwoordelik is, te reguleer. Met die stigting van die PCAOB is daar statutêr 'n stelsel van federale oorsig vir openbare ouditeure daargestel (Banham 2003). Die ouditeursprofessie het aangedui hulle steun die totstandkoming van die PCAOB wat vir die dissipline en gehaltebeheer van ouditeure van publieke maatskappye verantwoordelik is. Die AICPA het bevestig hulle steun die verskuiwing van openbare oorsig na openbare deelname (AICPA 2002a). Volgens Ezzell, voorsitter van die AICPA, wil die AICPA met die PCAOB saamwerk om die vertroue in die ouditeursprofessie te versterk (Ezzell 2002). Die wet meld dat dié raad nie 'n regeringsagentskap is nie, maar dat dit baie funksies van regeringsagentskappe verrig (Calcara 2002). Dié raad het die POB - wat nooit baie doeltreffend was nie omdat hy nie die nodige mag gehad het om die ouditeursfirmas te straf wat hulle praktykoorsigte gefaal het nie (hoewel feitlik geen firma ooit gefaal het nie) - opgevolg. Die POB het in Maart 2002 ontbind (Enron fallout; regulatory changes 2002, Thomas 2002, Wendell 2002). McDonough, voorsitter van die PCAOB, beskryf dié raad as 'n streng oorsigliggaam met die doel om die openbare belang te beskerm (Birth of a watchdog 2003).

Die PCAOB, wat sedert Januarie 2003 in werking is, se doel is om audits van publieke maatskappye te verbeter en om toekomstige skandale te voorkom (Johnson 2003). Die SOX het van die professionele werksaamhede van die AICPA na die PCAOB toe verskuif, wat meegebring het dat die AICPA van sy hoof funksies verloor het (Corcoran 2003a:18, Shafer & Owsen 2003). Die PCAOB is verantwoordelik vir (Knox 2002:1B, Miller & Pashkoff 2002, Peterson 2002:5, AICPA 2003d, Corcoran 2003a:18):

- Die registrasie van ouditeursfirmas wat audits van publieke maatskappye uitvoer;
- die uitreiking van standaarde of die aanvaarding van standaarde (insluitende die aanbring

van veranderinge soos nodig) wat deur ander liggame gestel is oor ouditering, gehaltebeheer, etiek, onafhanklikheid en ander standaarde wat oor die voorbereiding van gerusstellingsverslae handel (dié funksie is altyd deur die ASB uitgevoer);

- die hou van inspeksies, wat praktykoorsigte vervang, by geregistreerde ouditeursfirmas;
- die instel van ondersoeke en dissiplinêre prosesse; en
- die oplegging van toepaslike strawwe ten einde nakoming van die reëls en wette te verseker.

Alle ouditeursfirmas word verplig om by die PCAOB te registreer en ouditeure moet in die geval van ondersoeke en eksamens hulle samewerking gee (Bricker 2003). Wanneer 'n firma by die PCAOB registreer, moet inligting oor die firma, sy ouditeure en sy kliënte verskaf word, wat dan aan die gemeenskap beskikbaar gestel word. Volgens dié Wet moes alle firmas teen die einde van September 2003 geregistreer wees (USA - auditor registration system 2003:6).

Die PCAOB is gemagtig om reëls of standaarde oor die uitvoer van oudits te stel, hoewel die PCAOB verplig is om met die professionele liggaam te skakel (Bricker 2003). Volgens wetgewing kan dié raad die verantwoordelikheid self uitvoer of dit deleger. Die raad het egter gestem om die reëls vir die regulering van ouditeure self op te stel pleks daarvan om die verantwoordelikheid te deleger. Volgens Carmichael, hoofouditeur van die PCAOB, sal daar toegesien word dat verteenwoordigers van beleggers ook ingesluit word, wat nie voorheen die geval was nie. Die PCAOB moet jaarliks aan die SEC verslag doen oor hulle werksaamhede rakende die stel van standaarde (AICPA 2003d, Birth of a watchdog 2003).

Twee nuwe rade is verantwoordelik vir die monitering van gehaltebeheer en vir die dissiplinering van ouditeure van publieke maatskappye (Local and regional firms ... 2002, Miller & Pashkoff 2002):

– *n Gehaltebeheerraad

Dit bring mee dat een firma nie meer die gehaltebeheerondersoek van 'n ander firma sal doen nie. Permanente personeel sal gehaltebeheerondersoeke uitvoer onder toesig van dié raad wat hoofsaaklik uit lede van die gemeenskap bestaan. Die groot vraag is of die permanente personeel die tegniese kundigheid sal kan verkry om 'n groot verskeidenheid ingewikkelde industrieë, ingewikkelde tegniese rekeningkundige aangeleenthede en die toepassing van ouditstandaarde te hersien.

Ouditeure wat meer as 100 oudits per jaar uitvoer, word jaarliks en die ander ouditeure elke drie jaar geïnspekteer, terwyl 'n spesiale inspeksie enige tyd deur die SEC of die PCAOB aangevra kan word.

Die inspeksiestelsel verskil aansienlik van die vorige praktykoorsigstelsel. Indien die inspekteur enige oortredings van die wet, die PCAOB se reëls, toepaslike professionele standaarde of die firma se eie gehaltebeheerprosedures vind, kan dit die grondslag vir dissiplinêre optrede deur die raad vorm (Miller & Pashkoff 2002).

– *n Dissiplinêre raad

Dié raad, wat deur verteenwoordigers van die gemeenskap oorheers word, is by magte om enige optrede of praktyke wat teenstrydig met die wet is, te ondersoek. Dié raad is ook by magte om 'n aantal strafmaatreëls, soos 'n skorsing, terugtrekking van 'n registrasie, sensuur en boetes op te lê. Sulke optrede sal gewoonlik vertroulik wees, maar enige dissiplinêre sanksies tesame met 'n verklaring van dié raad sal openbaar word nadat die proses afgehandel is (Miller & Pashkoff 2002).

Ondersoeke gaan nie uitgestel word totdat moontlike regsgedinge afgehandel is nie, maar sal dadelik begin. Die proses van ondersoek en dissiplineringsal deursigtig wees. Die uitslag van 'n oorsig sal onmiddellik beskikbaar wees. Die proses het tande - firmas kan hulle reg om oudits van publieke maatskappye uit te voer, verloor (die AICPA het nie oor dié mag beskik nie) (Melancon on state of ... 2002).

Die lede van die PCAOB word deur die SEC aangestel ná oorlegpleging met die sekretaris van die *Department of Treasury* en die voorsitter van die *Federal Reserve Board* en bestaan uit vyf voltydse lede van wie twee ouditeure moet wees; die ander drie mag nie ouditeure wees of gewees het nie. Die voorsitter kan een van die ouditeure wees, maar hy mag dan nie vir die vyf jaar wat die aanstelling voorafgaan, in 'n oudithoedanigheid praktiseer het nie (AICPA 2002b, AICPA 2003d, Priest 2003d).

Die SOX magtig die PCAOB om sy bedryfsuitgawes van ouditeursfirmas en publieke maatskappye te verhaal. Die PCAOB moet jaarliks 'n begroting opstel wat deur die SEC goedgekeur moet word. Die beraamde koste van die administrasie van ouditeure se registrasie word dan van die ouditeursfirmas, wat 'n jaarlikse fooi moet betaal, verhaal en die res van die uitgawes van die PCAOB word van die publieke maatskappye verhaal. Ouditeure word nie toegelaat om 'n ongekwalifiseerde ouditeursverslag oor 'n maatskappy se finansiële jaarstate uit te reik nie tensy hulle ook verklaar dat die maatskappy geen uitstaande verpligtinge in dié verband het nie (USA - proposed funding rules 2003:6).

Die SOX gee aan die SEC toesig- en toepassingsmagte oor die PCAOB (Bricker 2003) en die SEC is verantwoordelik om toesig te hou oor die bedrywighede van die PCAOB (Johnson 2003, Shafer & Owsen 2003).

Dié wet het vereis dat die SEC teen 26 Januarie 2003 reëls ingestel moes hê wat uitvoering gee aan die vereistes van die wet (SEC rules & actions ... 2003). Die SEC se onafhanklikheidsreëls, *Strengthening Auditor Independence*, is middel Desember 2002 uitgereik om uiting te gee aan die mandaat wat deur die SOX daargestel is (implementering van Opskrif II van dié wet), (D'Andrea 2003e, Rankin 2003). Die SEC was van mening dat die nuwe reëls die nodige beskerming aan verbruikers verleen sonder dat dit die ouditeursprofessie aan onnodige toesig onderwerp (Carlino 2003). Volgens D*Andrea (2003e) was dit 'n groot stap om duidelikheid oor die onafhanklikheid van ouditeure te verleen. Ernst & Young is van mening dat die SEC se reëls die regte balans daarstel in die bereiking van die wet se vérrreikende vereistes. Die SEC se reëls is in baie opsigte strenger as die vereistes van die wet (D*Andrea 2003e). Volgens die SEC word die onafhanklikheid van ouditeure volgens die SOX deur die volgende drie beginsels onderlê (Rankin 2003):

- Ouditeure moenie hulle eie werk audit nie.
- Ouditeure moenie bestuursfunksies verrig nie.
- Ouditeure moenie as 'n voorspraak (advocate) vir kliënte optree nie.

Dié reëls beïnvloed die aard en omvang van die dienste wat ouditeure aan hulle kliënte kan lewer aansienlik. Die reëls brei ook die verantwoordelikhede en funksies van ouditkomitees uit. Soos deur die SOX vereis, het die SEC reëls opgestel wat (Wendall 2003):

- die omstandighede bepaal wanneer 'n ouditeur wat nie-gerusstellingsdienste aan 'n gerusstellingskliënt lewer, se onafhanklikheid aangetas word;
- die omstandighede bepaal wanneer die ouditkomitee van 'n kliënt gerusstellings- en nie-gerusstellingsdienste wat deur 'n ouditeur gelewer word, moet goedkeur;
- 'n verbod op vennote plaas om vir meer as vyf agtereenvolgende jare gerusstellingsdienste aan 'n kliënt te lewer. Daar word slegs vereis dat die twee hoofvennote elke vyf jaar moet verwissel, terwyl vennote wat 'n wesenslike rol by die audit van 'n kliënt speel, ná sewe jaar moet verwissel. Die SEC het firmas met minder as vyf gerusstellingskliënte en met minder as tien vennote van dié vereiste vrygestel (SEC rules & actions ... 2003); en
- 'n verbod op 'n firma plaas om 'n kliënt se finansiële jaarstate te audit indien sekere lede van die kliënt se bestuur vir die jaar wat die gerusstellingsperiode onmiddellik voorafgegaan het, lede van die gerusstellingspan was. Die aanvanklike afkoelperiode van een jaar voordat 'n ouditeur by 'n voormalige gerusstellingskliënt kan gaan werk, is gewysig. 'n Ouditeur kan nou onmiddellik by 'n voormalige gerusstellingskliënt gaan werk solank hy nie vir die voorbereiding van die finansiële openbaarmaking van die kliënt verantwoordelik is nie (SEC rules & actions ... 2003).

Die SOX het nege nie-gerusstellingsdienste gelys wat 'n ouditeur se onafhanklikheid aantas, en die SEC het geen veranderinge aan die lys aangebring nie. Die nie-gerusstellingsdienste is bloot gedefinieer (Wendell 2003). Ouditeure word verbied om die volgende nie-gerusstellingsdienste aan hulle gerusstellingskliënte te lewer (SEC rules & actions ... 2003, Wendell 2003):

- Boekhouding- of ander dienste wat met die rekeningkundige rekords of die finansiële jaarstate van 'n kliënt verband hou.
- Die ontwerp en implementering van finansiële inligtingstelsels. Ouditeure word verbied om enige dienste wat met die kliënt se inligtingstelsel verband hou, te lewer tensy dit redelik is om te aanvaar dat die resultate van sodanige dienste nie aan 'n audit onderhewig sal wees nie.
- Waardasiedienste of die uitspraak van 'n mening oor die redelikheid van 'n teenprestasie. Ouditeure word verbied om 'n mening oor die toereikendheid van 'n teenprestasie in 'n transaksie uit te spreek tensy dit redelik is om te aanvaar dat die resultate van sodanige dienste nie aan 'n audit onderhewig sal wees nie.
- Interne ouditdienste. Dié verbod is om te verhoed dat ouditeure hulle eie werk audit. Ouditeure mag egter aanbevelings ter verbetering van die interne beheer aan hulle gerusstellingskliënte doen.

- Bestuursfunksies of menslike hulpbrondienste. Ouditeure word verbied om tydelik of permanent as 'n beampte of werknemer van 'n kliënt op te tree en om enige bestuursfunksies soos besluitneming, toesighouding of die aanstelling van personeel uit te voer.
- Ander dienste wat verbied word, is: aktuariële dienste, makelaars- of beleggingsadviesdienste, regsdiens, kundige dienste wat nie met die gerusstellingsdiens verband hou nie.

In Januarie 2003 het die SEC besluit dat ouditeure wel as ouditeure en belastingkonsultante kan optree, maar die PCAOB het die bevoegdheid om die praktyk te staak. Die waarnemende voorsitter van die PCAOB, Niemeier, en Carmichael, hoofouditeur van die PCAOB, het na aanleiding van versoeke uit verskeie oorde om ouditeure te verbied om belastingdienste te lewer, besluit om ondersoek in te stel of ouditeure wel toegelaat moet word om dié twee funksies uit te voer (Birth of a watchdog 2003, Kahn 2003).

Ouditeursfirmas kan nie-gerusstellingsdienste, buiten dié dienste wat spesifiek verbied word, aan publieke maatskappy lewer mits die kliënt se auditkomitee die dienste vooraf goedkeur en dit in die periodieke verslae aan beleggers geopenbaar word. Die onus is nou op die kliënt se auditkomitee om te bepaal watter belastingdienste gelewer mag word (SEC rules & actions ... 2003). Die SEC het auditkomitees se opdrag gegee om belastingdienste wat deur die maatskappy se ouditeure gelewer word, streng te beoordeel (Kahn 2003). Nie-gerusstellingsdienste kan steeds aan kliënte gelewer word mits hulle nie publieke maatskappy is nie.

Die fokusarea van die reëls oor onafhanklikheid is die belangrikheid van die oorsigrol van die auditkomitees. Die finale reëls erken die kritieke rol wat deur auditkomitees in die finansiële verslageloweringproses gespeel word en die besondere rol van auditkomitees om die onafhanklikheid van ouditeure te verseker (D'Andrea 2003e).

Die SOX het aansienlike verantwoordelikhede vir die audit vanaf bestuur na die auditkomitee verskuif. 'n Maatskappy se auditkomitee is verantwoordelik vir toesig oor die eksterne ouditeure en is die enigste liggaam wat fooie en voorwaardes vir gerusstellingsdienste sowel as vir wesentlike nie-gerusstellingsaanstellings kan goedkeur (Sweeney & Vallario 2002). Dié wet vereis dat minstens een lid van die maatskappy se auditkomitee 'n finansiële kundige moet wees (AICPA comments on ... 2003).

In April 2003 het die SEC sy laaste reël om artikel 301 van die SOX te implementeer, uitgereik. Dié reël vereis dat daar aan die vereistes wat aan auditkomitees gestel word, voldoen moet word voordat 'n maatskappy genoteer kan word (Priest 2003k). Die vereistes rakende auditkomitees is die volgende:

- Elke lid van die auditkomitee moet onafhanklik wees ooreenkomstig die volgende kriteria:
 - 'n Auditkomiteelid word verbied om enige vergoeding van die maatskappy of enige filiaal van die maatskappy, anders as in die lid se hoedanigheid as 'n lid van die direksie of enige direksiekomitee, te ontvang.

- 'n Ouditkomiteelid mag nie 'n geaffilieerde persoon van die maatskappy of enige filiaal van die maatskappy wees nie, behalwe in sy hoedanigheid as lid van die direksie of enige direksiekomitee.
- Die ouditkomitee is direk verantwoordelik vir die aanstelling, vergoeding en oorsig van die werk van die aangestelde ouditeursfirma, en die ouditeursfirma moet direk aan die ouditkomitee verslag doen (wat dit beklemtoon dat die ouditeur aan die aandeelhouders verslag doen en nie aan bestuur nie).
- Die ouditkomitee moet prosedures vir die ontvangs en hantering van klagtes rakende rekeningkundige en ouditaangeleenthede daarstel, insluitende prosedures vir die vertroulikheid en anonimiteit van werknemers wat verdagte rekeningkundige en ouditaangeleenthede aanmeld.
- Die ouditkomitee moet oor die nodige mag beskik om onafhanklike kundigheid en advies te verkry wat noodsaaklik is om hulle pligte uit te voer.
- Die maatskappy moet genoegsame fondse aan die ouditkomitee verskaf.

Die SEC vereis ook dat publieke maatskappye moet openbaar hoeveel hulle jaarliks vir gerusstellings- en nie-gerusstellingsdienste onderskeidelik betaal (Carlino 2003).


Die SOX spreek ook die verpligte verwisseling van ouditeursfirmas aan en bepaal dat verdere navorsing oor verpligte verwisseling gedoen moet word. Die GAO het in Desember 2003 hulle verslag: *Public Accounting Firms - required study on the potential effects of mandatory audit firm rotation* vrygestel. Die GAO was van mening dat, hoewel dit moeilik is om die moontlike voordele van die verpligte verwisseling van ouditeure te kwantifiseer, dit bykomende koste sal meebring. Hulle gevolgtrekking was dat die verpligte verwisseling van ouditeure waarskynlik nie die doeltreffendste wyse is om die onafhanklikheid van ouditeure en die gehalte van oudits te bevorder nie vanweë die bykomende koste, die verlies aan kennis van die kliënt waaroor die vorige ouditeure beskik en die hervormings rakende die ouditeursprofessie wat geïmplementeer word (Lymer 2003h).

Die AICPA is steeds vir die regulering van ouditeure van nie-publieke maatskappye verantwoordelik.

Curry, *Public Ethics Executive Committee*-voorsitter, het dit beklemtoon dat die AICPA steeds 'n rol speel om die vertroue van die gemeenskap in die ouditeursprofessie te verhoog. "Our enforcement process was established to discipline our members and to enhance our reputation and stature as a body. ... The responsibility to regulate CPAs falls to many. We do feel that in our role, we can improve our process so that our members can continue to say they belong to an organization that holds them to the highest professional standards and integrity, and is intolerant of those who break the rules" (Lymer 2003b).

Die AICPA is steeds verantwoordelik vir die stel van ouditstandaarde, uitvoer van praktykoorsigte en die dissiplinerings van ouditeure van nie-publieke maatskappye (House passes bill to ... 2002, Melancon 2002). Die AICPA het in Oktober 2003 besluit dat die 19 lede van die ASB, wat ouditstandaarde vir nie-publieke maatskappye stel, verteenwoordigers van die gebruikers van die finansiële jaarstate, die regulerende liggame en die gemeenskap gaan insluit (Priest 2003b).

Sien figuur 5.3 vir 'n voorstelling van die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Amerika.



Figuur 5.3 Regulering van die ouditeursprofessie in Amerika

4.3 *Mate waarin aan die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is, voldoen word*

Die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is (mandaat, struktuur, onafhanklikheid, bevoegdheid, doeltreffendheid, rekenpligtigheid, en prosesse en prosedures), word soos volg deur die reguleringstelsel van die ouditeursprofessie in Amerika aan voldoen:

Mandaat

*n Statutêre liggaam, die PCAOB, wat deur wetgewing daargestel is, is verantwoordelik vir die regulering van die ouditeure van publieke maatskappye. Dié regulerende liggaam beskik dus oor 'n statutêre mandaat. Die bestek van die mandaat wat aan dié reguleerder verleen word, is van so 'n aard dat hy eerstens verantwoordelik is vir die registrasie van ouditeure van publieke maatskappye, die stel van standarde, gehaltebeheer en dissiplinerende (na onder) en tweedens vir verslaglewering aan die SEC oor die uitvoering van sy mandaat (na bo) en vir die beskikbaarstelling van inligting oor die geregistreerde ouditeure aan die gemeenskap. Die etiese en auditstandaarde waaraan die lede van die ouditeursprofessie onderhewig is, is dus statutêr afdwingbaar.

Die SEC, ook 'n statutêre liggaam, is vir toesig oor die PCAOB verantwoordelik. Volgens wetgewing moet die SEC ook reëls oor onafhanklikheid (insluitende oor auditkomitees) stel.

Wetgewing maak egter net voorsiening vir die regulering van ouditeure van publieke maatskappye. Ouditeure van nie-publieke maatskappye word steeds deur die professionele liggaam, die AICPA, gereguleer. Dié reguleerder beskik nie oor 'n statutêre mandaat nie. Die bestek van die mandaat van die professionele liggaam behels dat hy verantwoordelik is vir die stel van standarde, uitvoer van gehaltebeheer en dissiplinerende. Dié liggaam is ook vir die etiese kode van sy lede verantwoordelik. Daar is geen statutêre verpligting dat die lede van die professionele liggaam aan dié liggaam verslag moet doen nie.

Struktuur

Die struktuur van die PCAOB is sodanig dat verskeie belanghebbende partye daarin verteenwoordig word wat nie net sal verseker dat die eksterne mening in ag geneem word nie, maar ook dat die gemeenskap gerusstelling verkry dat hulle belange in ag geneem word, wat op sy beurt weer die vertroue van die gemeenskap in die ouditeursprofessie sal verhoog. Die PCAOB word deur die publieke maatskappye en die ouditeure van die publieke maatskappye gefinansier, wat na verwagting behoort te verseker dat die liggaam oor genoeg hulpbronne beskik om sy take uit te voer.

Die professionele liggaam het wel ander belanghebbendes as lede, maar die meerderheid van die lede is steeds verteenwoordigend van die ouditeursprofessie. Die professionele liggaam word deur sy lede gefinansier, wat daarop dui dat dié liggaam ook oor voldoende hulpbronne behoort te beskik ten einde sy take uit te voer.

Onafhanklikheid

Die PCAOB behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as onafhanklik gesien te word omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van dié reguleerder verteenwoordig word, met 'n maksimum van twee ouditeure uit die vyf lede. Dié reguleerder word nie net deur die ouditeure van die publieke maatskappye gefinansier nie

maar ook deur die publieke maatskappye, wat daartoe sal bydra dat die liggaam as onafhanklik gesien word.

Die professionele liggaam het wel ander belanghebbendes as lede, maar die meerderheid van die lede is steeds verteenwoordigend van die ouditeursprofessie, wat kan meebring dat die liggaam nie as onafhanklik van die partye wat geregleer word, gesien word nie. Die professionele liggaam word deur sy lede gefinansier wat tot verdere twyfel oor sy onafhanklikheid kan lei.

Bevoegdheid

Die bevoegdheid van die PCAOB wat betref die gebied wat geregleer word, behoort nie 'n probleem te wees nie omdat die wet vereis dat twee van die vyf lede ouditeure moet wees. Die funksies van dié reguleerder vereis 'n hoë vlak van gespesialiseerde tegniese kennis van die gebied wat geregleer word en die reguleerder behoort in staat te wees om sy funksies behoorlik te vervul. Die PCAOB behoort ook oor die nodige bevoegdheid omtrent die openbare belang te beskik omdat net twee van die vyf lede ouditeure is.

Die professionele liggaam behoort nie 'n probleem te hê met bevoegdheid ten opsigte van die gebied wat geregleer word nie omdat die meerderheid van die lede van dié liggaam deel van die ouditeursprofessie is en derhalwe oor spesialis-kennis behoort te beskik, maar beskik waarskynlik nie oor die nodige bevoegdheid wat die openbare belang betref nie.

Doeltreffendheid

Die PCAOB is 'n statutêre eksterne liggaam. Dié liggaam behoort dus nie aan baie burokrasie onderhewig te wees nie, wat heel waarskynlik daartoe sal lei dat dié liggaam ekonomies doeltreffend funksioneer. Dié liggaam behoort ook as gevolg van sy struktuur en samestelling sy sosiale verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap (as beskermers van die openbare belang) te kan nakom. Die samestelling en struktuur van die liggaam behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Die professionele liggaam behoort ook ekonomies doeltreffend te kan funksioneer omdat hy direk met die partye wat geregleer word, skakel maar kan probleme ondervind om sy sosiale verantwoordelikheid as beskermers van die openbare belang na te kom. Die samestelling en struktuur van dié liggaam behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Rekenpligtigheid

Daar word statutêr vereis dat die PCAOB aan die SEC rekenskap moet gee oor die wyse waarop hy sy mandaat ten uitvoer gebring het.

Daar is geen statutêre vereiste dat die professionele liggaam aan die PCAOB rekenskap moet gee oor die wyse waarop hy sy mandaat uitgevoer het nie. Die PCAOB beskik egter oor genoeg hulpbronne wat in die rekenpligtighedsproses gebruik kan word.

Prosesse en prosedures

Die PCAOB is verantwoordelik vir die regulering van die ouditeure van publieke maatskappye en beskik oor statutêre magte om standarde te stel, inspeksies uit te voer, beweerde wangedrag van lede te ondersoek en oortreders te dissiplineer. Die Gehaltebeheerraad en die Dissiplinêre Raad behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as onafhanklik gesien te word omdat verskeie belanghebbende partye in

die struktuur van dié liggame verteenwoordig word. Verteenwoordigers van verskeie belanghebbendes is ook by die stel van standarde betrokke.

Die SEC is volgens wetgewing verantwoordelik vir die stel van reëls oor onafhanklikheid (insluitende oor ouditkomitees). Dié reëls bepaal dat die ouditkomitee van 'n publieke maatskappy verantwoordelik is vir die aanstelling, vergoeding en oorsig van die ouditeure van die maatskappy en dat die ouditeure aan die ouditkomitee verslag moet doen.

Die professionele liggaam is verantwoordelik vir die stel van standarde vir sy lede, om die gedrag en optrede van sy lede te monitor en oortreders te dissipliner. Verskeie belanghebbendes is lede van die professionele liggaam hoewel die meerderheid van die lede steeds verteenwoordigend van die ouditeursprofessie is.

4.4 Gevolgtrekking

Dit blyk dat die ouditeursprofessie in Amerika wat eens grootliks aan self-regulering onderhewig was, nou deur 'n *statutêre liggaam en self-regulering ('n gedeelde regulerende stelsel)* gereguleer word.

Die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Amerika spreek die knelpunte rondom die ouditeursprofessie, soos in hoofstuk 4 geïdentifiseer, soos volg aan:

Onafhanklikheid

Die statutêre reguleerder, die PCAOB, wat vir die regulering van die ouditeure van publieke maatskappye verantwoordelik is, behoort tot die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie by te dra omdat dié liggaam verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie. Dié reguleerder is vir die registrasie van ouditeure van publieke maatskappye verantwoordelik. Volgens wetgewing moet die PCAOB aan die SEC verslag doen oor die uitvoer van sy mandaat en moet hy inligting oor die geregistreerde ouditeure aan die gemeenskap beskikbaar stel. Die reëls van die SEC oor onafhanklikheid bevat ook spesifieke maatreëls om die onafhanklikheid van ouditeure te bevorder (soos verpligte verwisseling van gerusstellingsvennote ná vyf jaar en sekere nie-gerusstellingsdienste wat nie aan gerusstellingskliënte gelewer mag word nie). Volgens dié reëls word daar ook vereis dat die ouditkomitee van 'n publieke maatskappy verantwoordelik is vir die aanstelling, vergoeding en oorsig van die ouditeure van die maatskappy en dat die ouditeure aan die ouditkomitee verslag moet doen.

Etiese en auditstandaarde

Die PCAOB is verantwoordelik vir die stel van standarde oor audit, gehaltebeheer en etiek. Die auditstandaarde geniet dus statutêre steun. Verteenwoordigers van verskeie belanghebbendes is ook by die stel van standarde betrokke.

Monitering en dissipliner

Hoewel die professionele liggaam vir die gehaltebeheer en dissipliner van sy lede verantwoordelik is, is die PCAOB vir die gehaltebeheer en dissipliner van die ouditeure van publieke maatskappye verantwoordelik. Die Gehaltebeheerraad en die Dissiplinêre Raad van die PCAOB behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as

onafhanklik gesien te word omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van dié liggame verteenwoordig word.

Danksy die stigting van die statutêre liggaam wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en wat nie net deur die ouditeursprofessie finansier word nie, behoort die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Amerika mee te help om die knelpunte rondom die ouditeursprofessie te verminder en sodoende die vertroue in die ouditeursprofessie te verbeter. Hoewel ouditeure verbied word om sekere nie-gerusstellingsdienste aan hulle gerusstellingskliënte te lewer, die hoofvennote elke vyf jaar moet verwissel, die ouditkomitee (in die geval van 'n publieke maatskappy) vir die aanstelling en vergoeding van ouditeure verantwoordelik is, en die statutêre reguleerder aan die SEC verslag moet doen oor die uitvoer van sy mandaat, kan heelwat meer gedoen word om die vertroue in die professie te herstel en om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie verder te verbeter. Byvoorbeeld die instel van 'n afkoelperiode voordat gerusstellingspersoneel deur gerusstellingskliënte in diens geneem mag word.

5 REGULERING VAN DIE OUDITEURSPROFESSIE IN AUSTRALIË

Om leesbaarheid te vergemaklik, word die volgende afkortings in afdeling 5 gebruik:

AASB	<i>Australian Accounting Standards Board</i>
ASIC	<i>Australian Securities & Investments Commission</i>
ASX	<i>Australian Stock Exchange</i>
AUASB	<i>Australian Auditing and Assurance Standards Board</i>
CALDB	<i>Companies Auditors & Liquidators Disciplinary Board</i>
CPAA	<i>Certified Practising Accountants in Australia</i>
FRC	<i>Financial Reporting Council</i>
ICAA	<i>Institute of Chartered Accountants in Australia</i>
MOU	<i>Memorandum of Understanding</i>

5.1 Eertydse regulering

Die regulering van die ouditeursprofessie in Australië is jare lank grootliks deur die professionele liggame (die CPAA en die ICAA, wat in 1928 gestig is) behartig (CPAA 2002b). Die professionele liggame se taak is om die gedrag van hulle lede te monitor en om te verseker dat die lede aan hulle etiese en professionele standaarde voldoen (Harrison 2002).

Ouditeure van publieke maatskappye is ook aan die regulering van die ASX en statutêre liggame soos die ASIC en die CALDB onderhewig (CPAA 2002b). Ouditeure van publieke maatskappye moet die toepaslike eksamens van die regering slaag en moet aan die reëls voldoen wat die regering vir ouditeure van publieke maatskappye stel, en waar 'n ouditeur dié reëls oortree, is hy onderhewig aan die dissiplinêre prosesse van die ASIC en die CALDB (Harrison 2002).

Die onafhanklikheid van ouditeure word statutêr gereguleer deur die vereistes vervat in die *Corporations Act (2001)*, en professioneel deur die *Joint Code of Conduct* van die CPAA en die ICAA (Costello & Campbell 2002).

5.2 Hedendaagse regulering

Die val van hoëprofiel-maatskappye in die eerste helfte van 2001 in Australië en ontwikkelinge op die gebied van regulering het gelei tot die hersiening van die regulering van die ouditeursprofessie wat betref onafhanklikheid. Professor Ramsay, van die *University of Melbourne*, is die taak opgelê om die toereikendheid van die vereistes wat betref die onafhanklikheid van ouditeure te ondersoek en aanbevelings te maak. Dié ondersoek het uitgeloop op die publikasie van die *Ramsay Report* in Oktober 2001 (CPAA 2002c, Hayes 2002).

Die regering (Australian Department of the Treasury) het in Junie 2002 aangekondig dat ouditregulering en korporatiewe openbaarmaking in Australië tydens 'n volgende fase van die *Corporate Law Economic Reform Program* hersien gaan word. Australië se grootste professionele liggaam, die CPAA, het te kenne gegee dat hy dié aankondiging verwelkom (Accountancy Foundation 2002b:15, CPAA 2002b).

Die twee professionele liggame, die CPAA en die ICAA, het in September 2002 as gashere opgetree vir 'n forum om die pad vir die ouditeursprofessie en die handel vorentoe te bepaal ten einde die gemeenskap se vertroue in Australië se kapitaalmarkte te verbeter. Die forum is deur verteenwoordigers van die regering, die sakegemeenskap, professionele liggame en reguleerders soos die ASX bygewoon. Die drie hoofaspekte wat behandel is, was: “public oversight, public accountability and corporate reporting”. Harris, uitvoerende hoof van die ICAA, se mening oor dié poging was: “The Forum reflects a collective effort to ensure Australia's corporate reporting environment remains at the forefront of best practice” (CPAA 2002d, ICAA 2003b).

Costello, die tesourier, het die voorlopige *Corporate Law Economic Reform Program (Audit Reform & Corporate Disclosure) Bill*, bekend as CLERP 9, in Oktober 2003 vir kommentaar bekend gestel (Priest 2003g). Malmo, kommunikasiebestuurder van die CPAA (2002c), het dit beskryf as:

“... one of the most important and comprehensive legislative reform programs to hit Australian capital markets since the Corporations Act was revised in 1989”.

Dié wet sluit aanbevelings in van onder andere die *Ramsay Report* (Independence of Australian Company Auditors), die verslag van die *HIH Royal Commission* en die *Joint Committee of Public Accounts and Audit* (Report 391 Review of independent auditing by registered company auditors) (Priest 2003g). CLERP 9 se implementeringsdatum was Julie 2004 (Priest 2004b). Costello was van mening dat dié wet die oorkoepelende regulerende raamwerk vir ouditeure aansienlik sal verbeter. Die professionele liggame het CLERP 9 positief ontvang soos blyk uit die volgende:

“[CLERP 9] will provide a sound basis to pursue opportunities for stronger public accountability in financial reporting in Australia” [eie byvoeging] (CPAA 2002a).

“[CLERP 9 is a] thoughtful and considered response” [eie byvoeging] van die regering om openbare vertroue in die finansiële markte te bevorder (ICAA 2002c).

Volgens die CPAA stem dié wetgewing grootliks ooreen met die siening van die ouditeursprofessie en die breër gemeenskap. Dit stem ook grootliks ooreen met die gedagterigting van die dokument getiteld *The Financial Reporting Framework - the way forward*, wat CPAA in April 2002 uitgereik het (CPAA 2002a).

CLERP 9 het die FRC, 'n statutêre liggaam wat jare lank verantwoordelik was vir toesig oor die stel van rekeningkundige standaarde deur die AASB, se rol uitgebrei om ook toesig oor die stel van ouditstandaarde in te sluit (Accountancy Foundation 2002b:15,16 & 38). Die AUASB, voorheen onder toesig van die *Australian Accounting Research Foundation* en nou die FRC, is herstruktureer met 'n voorsitter wat deur die regering aangestel word. Volgens dié wetgewing geniet ouditstandaarde wat deur die AUASB gestel word, net soos rekeningkundige standaarde, statutêre steun (Malmo 2002).

Die FRC is ook verantwoordelik vir toesig oor en monitering van alle aspekte betreffende die onafhanklikheid van ouditeure en vir die monitering en beoordeling van die ondersoek en dissiplinêre prosesse en prosedures van die professionele liggame, maar speel nie 'n direkte rol by die dissiplinering van ouditeure nie. Die FRC moet aan die minister verslag doen oor die aard en toereikendheid van die stelsels en prosesse van ouditeure waardeur nakoming van die onafhanklikheidsvereistes verseker word en van die professionele liggame waardeur gehaltebeheeroorsigte uitgevoer word (Accountancy Foundation 2002b:15-16, Priest 2003g).

Die lede van die FRC word deur die tesourier aangestel en sluit verteenwoordigers in van die sakewêreld, professionele liggame, regering en regulerende liggame (geen vaste verhouding word gespesifiseer nie). Die lede word enersyds aangestel na aanleiding van nominasies deur die sleutel-belangegroeppe en andersyds onafhanklik van die belangegroeppe. Die FRC word deur die regering, die ouditeursprofessie en die sakewêreld gefinansier (Accountancy Foundation 2002b:15,16&38, Financial Reporting Council 2005a).

Nadat kommer deur onder andere Harrington, uitvoerende vennoot by Pricewaterhouse-Coopers, oor die “excessively prescriptive rules” in CLERP 9 uitgespreek is, het die regering die voorgestelde reëls oor onafhanklikheid gewysig. Die reëls berus nou op 'n beginselgrondslag in teenstelling met die voorskriftelike benadering van die eerste konsepwetgewing (Priest 2003e, Priest 2003i). Volgens Harrington “... the legislation contains the right balance of meeting the need for increased accountability of the auditing profession without being too prescriptive” (Priest 2003j).

Die regering ondersteun die toepassing van Professionele Standaard F1 oor professionele onafhanklikheid wat deel is van die *Joint Code of Professional Conduct* van die ICAA en die CPAA en wat bepaal dat indien die lewering van 'n nie-gerusstellingsdiens aan 'n gerusstellingskliënt tot 'n bedreiging vir onafhanklikheid lei, sodanige diens gestaak moet word (Costello & Campbell 2002). Benewens die algemene vereistes dat ouditeure onafhanklik moet wees, bevat dié wet ook die volgende maatreëls om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van ouditeure te bevorder (Costello & Campbell 2002, Priest 2003g, Rice 2003):

- Ouditeure moet 'n jaarlikse verklaring dat hulle hulle onafhanklikheid gehandhaaf het, aan die direkteure gee.
- Beperkinge op die aanstelling van voormalige ouditeure deur die gerusstellingskliënt - 'n afkoelperiode van twee jaar is van toepassing op gerusstellingsvennote en professionele personeel wat direk by die lewering van die gerusstellingsdiens aan die kliënt betrokke was.
- Die verpligte verwisseling van die hoofgerusstellingsvennoot en die vennoot wat verantwoordelik was vir die hersiening van die gerusstellingsdiens ná vyf agtereenvolgende jaar, met 'n afkoelperiode van twee jaar voordat enigeen wat 'n aansienlike rol by die lewering van die gerusstellingsdiens gespeel het, weer deel van die gerusstellingspan mag wees.

- Publieke maatskappye moet in hulle jaarverslag die fooie verstrekk wat vir nie-gerusstellingsdienste betaal is tesame met 'n beskrywing van die dienste wat gelewer is, sowel as 'n verklaring dat die ouditkomitee tevrede is dat die lewering van die nie-gerusstellingsdienste nie die ouditeur se onafhanklikheid aangetas het nie.

Volgens die wetgewing moet diegene wat as ouditeure van maatskappye wil registreer, aan sekere bevoegdheidsstandaarde voldoen, onderneem om aan 'n aanvaarbare professionele etiese kode te voldoen, en 'n spesialis-ouditkursus voltooi het. Die wetgewing bepaal dat (Costello & Campbell 2002):


- die ASIC die toereikendheid van boetes moet monitor en die nodige aanbevelings moet maak;
- die meerderheid van die lede van die CALDB oor die nodige vaardighede moet beskik en nie deel van die ouditeursprofessie moet wees nie; en
- die CALDB inligting wat hulle tydens dissiplinêre verhore verkry het, aan die ondersoek- en dissiplinêre komitees van die ICAA en die CPAA kan verskaf.

Volgens die *ASX Corporate Governance Guidelines* word daar vereis dat genoteerde maatskappye 'n onafhanklike ouditkomitee, wat slegs uit nie-uitvoerende direkteure bestaan, moet aanstel. Daar word vereis dat al die lede van die ouditkomitee finansiëel geletterd moet wees en minstens een lid moet oor finansiële ondervinding beskik. Die riglyne moedig ook die raad van direkteure van maatskappye aan om hulle samestelling, grootte en toegewydheid te hersien en om te verseker dat die raad 'n groot onafhanklike element bevat. Die riglyne beveel aan dat die meerderheid van die direkteure onafhanklik moet wees en vereis van maatskappye om die rol en verantwoordelikheid van raadslede en bestuur te openbaar (Priest 2003c). Die *ASX Corporate Governance Council* moet die standaarde vir ouditkomitees ontwikkel (Costello & Campbell 2002).

Die professionele liggame is steeds verantwoordelik vir die monitering en dissiplinering van hulle lede, en ook vir die etiese standaarde van die ouditeursprofessie (Accountancy Foundation 2002b:16&19).

In Julie 2004 het die CPAA en die FRC 'n MOU geteken - die eerste keer dat die CPAA 'n MOU met 'n oorsigliggaam aangegaan het. Die MOU bepaal dat die FRC toesig sal hou oor die CPAA se gehaltebeheerprosesse sover dit onafhanklikheid raak. Ingevolge die MOU sal die CPAA besonderhede van sy gehaltebeheeroorsigprosesse en resultate van die oorsigte wat ten opsigte van onafhanklikheid uitgevoer is, asook inligting oor CPAA se dissiplinêre prosesse, bekend stel. Volgens Levy, CPAA-president, is dit 'n positiewe stap ten einde 'n meer deursigtige oorsigstelsel vir die ouditeursprofessie daar te stel (Priest 2004b). Dit skep 'n bykomende vlak van toesig oor die gehaltebeheerprosesse van dié professionele liggaam.

Sien figuur 5.4 vir 'n voorstelling van die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Australië.



Figuur 5.4 Regulering van die ouditeursprofessie in Australië

5.3 *Mate waarin aan die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is, voldoen word*

Die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is (mandaat, struktuur, onafhanklikheid, bevoegdheid, doeltreffendheid, rekenpligtigheid, en prosesse en prosedures), word soos volg deur die reguleringstelsel van die ouditeursprofessie in Australië aan voldoen:

Mandaat

Die FRC is deur wetgewing daargestel en beskik dus oor 'n statutêre mandaat. Die bestek van die mandaat is van so 'n aard dat hy verantwoordelik is vir toesig oor die AASB en die AUASB, monitering en beoordeling van die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en toesig oor en monitering van die onafhanklikheid van ouditeure. Afgesien van die reëls wat die regering deur wetgewing stel om die onafhanklikheid van ouditeure te bevorder, is die etiese standaarde waaraan die ouditeursprofessie onderhewig is, nie statutêr afdwingbaar nie hoewel die ouditstandaarde statutêre steun geniet. Daar is geen statutêre plig dat die professionele liggame aan die FRC verslag moet doen nie.

Die professionele liggame beskik nie oor 'n statutêre mandaat en statutêre mag nie. Die bestek van die mandaat van die professionele liggame behels dat hulle die gedrag en optrede van hulle lede moet monitor en oortreders moet dissiplineer. Individue wat hulle self as rekenmeesters ag, maar nie lede van een van die professionele liggame is nie, is nie onderhewig aan die monitering en dissiplinering van die professionele liggame nie. Die statutêre reguleerder moniteer en beoordeel egter die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame. Dié liggame is ook vir die etiese kode van hulle lede verantwoordelik. Die ouditeure van maatskappye moet statutêr onderneem om aan 'n aanvaarbare professionele etiese kode (tipies dié van die professionele liggame) te voldoen. Die ouditstandaarde waaraan die lede onderhewig is, is statutêr afdwingbaar. Daar is egter geen statutêre plig dat die lede van die professionele liggame aan die onderskeie professionele liggame verslag moet doen nie.

Struktuur

Die struktuur van die FRC is sodanig dat verskeie belanghebbende partye daarin verteenwoordig word wat nie net sal verseker dat die eksterne mening in ag geneem word nie, maar ook dat die gemeenskap gerusstelling verkry dat hulle belange in ag geneem word. Die FRC word deur die regering, die sakegemeenskap en die professionele liggame gefinansier, wat na verwagting sal verseker dat die liggaam oor voldoende hulpbronne beskik om sy take uit te voer.

Die professionele liggame se lede is verteenwoordigend van die ouditeursprofessie. Die professionele liggame word deur hulle lede gefinansier, wat daarop dui dat die liggame ook oor voldoende hulpbronne behoort te beskik om hulle take te kan uitvoer.

Onafhanklikheid

Die FRC behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as onafhanklik gesien te word omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van dié reguleerder verteenwoordig word. Die FRC word deur die regering, die professionele liggame en die sakegemeenskap gefinansier, wat daartoe sal bydra dat die liggaam as onafhanklik gesien word.

Die professionele liggame se lede is verteenwoordigend van die ouditeursprofessie, wat daartoe kan lei dat hulle nie as onafhanklik van die partye wat gereuleer word, gesien word nie. Die professionele liggame word deur hulle lede gefinansier, wat tot verdere twyfel oor hulle onafhanklikheid kan lei.

Bevoegdheid

Die bevoegdheid van die FRC behoort nie 'n probleem te wees nie omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van die FRC verteenwoordig word, insluitende ouditeure wat oor spesialis-kennis van die gebied wat gereuleer word, behoort te beskik, en ander belanghebbendes wat oor bevoegdheid betreffende die openbare belang behoort te beskik.

Die professionele liggame behoort ook geen probleem te hê met bevoegdheid ten opsigte van die gebied wat gereuleer word nie omdat hulle lede deel van die ouditeursprofessie is en derhalwe oor spesialis-kennis behoort te beskik, maar beskik waarskynlik nie oor die nodige bevoegdheid wat betref die openbare belang nie.

Doeltreffendheid

Die FRC is 'n onafhanklike eksterne liggaam. Die liggaam behoort dus nie aan baie burokrasie onderhewig te wees nie, wat heel waarskynlik daartoe sal lei dat die liggaam ekonomies doeltreffend funksioneer. Die liggaam behoort ook as gevolg van sy struktuur en samestelling sy sosiale verantwoordelikheid (as beskermmer van die openbare belang) te kan nakom. Die samestelling en struktuur van die liggaam behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Die professionele liggame behoort ook doeltreffend te kan funksioneer omdat hulle direk met die partye wat gereuleer word, skakel maar weens die feit dat hulle nie onafhanklik van die partye wat gereuleer word is nie, kan hulle probleme ondervind om hulle sosiale verantwoordelikheid as beskermmer van die openbare belang na te kom. Die samestelling en struktuur van die liggame behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Rekenpligtigheid

Die FRC moet aan die regering verslag doen oor die aard en toereikendheid van die stelsels en prosesse van ouditeure waardeur nakoming van die onafhanklikheidsvereistes verseker word, en van die professionele liggame waardeur gehaltebeheeroorsigte uitgevoer word.

Daar is geen statutêre vereiste dat die professionele liggame aan die FRC rekenskap moet gee oor die wyse waarop hulle hulle mandaat ten uitvoer gebring het nie. Die statutêre reguleerder beskik egter oor voldoende hulpbronne wat in die rekenpligtigheidsproses gebruik kan word.

Prosesse en prosedures

Die FRC is verantwoordelik vir die monitering en beoordeling van die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame en vir toesig oor en monitering van die onafhanklikheid van ouditeure. Verder is die FRC ook verantwoordelik vir toesig oor die AASB, wat rekeningkundige standaarde stel, en die AUASB, wat auditstandaarde stel. Die regering verleen statutêre steun aan die rekeningkundige en auditstandaarde wat deur die AASB en die AUASB gestel word. Wetgewing stel die reëls wat betref die onafhanklikheid van ouditeure

(buiten die reëls vervat in die etiese kode van die professionele liggame) wat egter kan veroorsaak dat dié reëls nie vinnig by veranderende omstandighede kan aanpas nie.

Die professionele liggame is verantwoordelik om die gedrag en optrede van hulle lede te monitor en oortreders te dissiplineer. Die FRC is verantwoordelik om die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame te monitor en te beoordeel. Die lede van die professionele liggame is egter verteenwoordigend van die ouditeursprofessie. Die CALDB kan inligting wat hy tydens dissiplinêre verhore verkry het, aan die ondersoek- en dissiplinêre komitees van die ICAA en die CPAA verskaf.

Nota

Buiten die regulering deur die FRC en die professionele liggame is ouditeure van genoteerde maatskappye ook aan die regulering van die ASIC en die CALDB onderhewig. Die ASIC en die CALDB is deur wetgewing daargestel en beskik dus oor 'n statutêre mandaat. Die bestek van die mandaat wat aan dié reguleerders verleen word, is die dissiplinerings van ouditeure van genoteerde maatskappye wat die reëls wat die regering stel, oortree. Die ASIC moet ook die toereikendheid van boetes monitor en die nodige aanbevelings maak.

5.4 Gevolgtrekking

Dit blyk dat die regulering van die ouditeursprofessie in Australië wat eens grootliks aan self-regulering onderhewig was, nou deur 'n *gedeelde regulerende stelsel* geregleer word.

Die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Australië spreek die knelpunte rondom die ouditeursprofessie, soos in hoofstuk 4 geïdentifiseer, soos volg aan:

Onafhanklikheid

Die statutêre reguleerder, die FRC, behoort tot die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie by te dra omdat dié liggaam verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie. Die FRC is ook verantwoordelik vir die oorsig en monitering van die onafhanklikheid van ouditeure. Volgens wetgewing moet die FRC aan die minister verslag doen oor die onafhanklikheid en gehaltebeheer soos dit op die ouditeursprofessie van toepassing is. Die wetgewing (CLERP 9) bevat ook spesifieke reëls om die onafhanklikheid van ouditeure te bevorder. Dit sluit in: verpligte verwisseling van vennote ná vyf jaar, 'n afkoelperiode van twee jaar, 'n jaarlikse verklaring deur ouditeure dat hulle hulle onafhanklikheid gehandhaaf het, publieke maatskappye moet in hulle jaarlikse verslag die foie meld wat vir nie-gerusstellingsdienste betaal is en 'n beskrywing gee van die dienste wat gelewer is, sowel as 'n verklaring dat die auditkomitee tevrede is dat die lewering van nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte nie die ouditeur se onafhanklikheid aangetas het nie. Volgens die *ASX Corporate Governance Guidelines* word daar vereis dat genoteerde maatskappye 'n auditkomitee moet aanstel wat heeltemal uit nie-uitvoerende direkteure bestaan.

Etiese en ouditstandaarde

Die etiese en ouditstandaarde van die ouditeursprofessie behoort te verbeter omdat die FRC verantwoordelik is vir oorsig oor die AUASB, wat vir die stel van ouditstandaarde verantwoordelik is. Verder geniet die ouditstandaarde statutêre steun en die voorsitter van

die AUASB word deur die regering aangestel. Hoewel die professionele liggame steeds vir die etiese kode van hulle lede verantwoordelik is, word daar statutêr bepaal dat die ouditeure van genoteerde maatskappye aan 'n aanvaarbare etiese kode moet voldoen. Buiten die reëls vervat in die etiese kode van die professionele liggame, stel die regering deur wetgewing (CLERP 9) spesifieke reëls wat op beginsels gegrond is, om die onafhanklikheid van ouditeure te bevorder.

Monitering en dissiplinerings

Hoewel die professionele liggame steeds vir die monitering en dissiplinerings van hulle lede verantwoordelik is, is die FRC vir die monitering en beoordeling van die dissiplinêre prosesse van die professionele liggame verantwoordelik. Die ASIC en die CALDB, wat deur wetgewing daargestel word en dus oor 'n statutêre mandaat beskik, is vir die dissiplinerings van ouditeure van genoteerde maatskappye verantwoordelik. Die wetgewing bepaal dat die ASIC die toereikendheid van boetes wat aan ouditeure van genoteerde maatskappye opgelê word, moet monitor en die nodige aanbevelings moet maak. Die meerderheid lede van die CALDB is nie-ouditeure. Verder bepaal die wetgewing dat die CALDB inligting wat hulle tydens dissiplinêre verhore verkry het, aan die ondersoek- en dissiplinêre komitees van die ICAA en die CPAA kan verskaf. Die FRC moet aan die regering verslag doen oor die aard en toereikendheid van die stelsels en prosesse van ouditeure waardeur nakoming van die onafhanklikheidsvereistes verseker word, en van die professionele liggame waardeur gehaltebeheeroorsigte uitgevoer word.

Danksy die stigting van die statutêre liggaam, die FRC, wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en wat nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie, behoort die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Australië by te dra om die knelpunte rondom die ouditeursprofessie uit die weg te ruim. Die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie behoort verbeter te word omdat die FRC vir die oorsig en monitering van die onafhanklikheid van ouditeure verantwoordelik is en die regering reëls oor die onafhanklikheid van ouditeure stel. Heelwat meer kan egter gedoen word om die vertrouwe in die professie te herstel. Die lewering van nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte word steeds toegelaat, hoewel publieke maatskappye in hulle jaarverslag die fooie wat vir nie-gerusstellingsdienste betaal is en 'n beskrywing van die dienste wat gelewer is, moet meld sowel as 'n verklaring dat die auditkomitee tevrede is dat die lewering van nie-gerusstellingsdienste nie die ouditeur se onafhanklikheid aangetas het nie. Die auditkomitee is nie vir die aanstelling en vergoeding van ouditeure verantwoordelik nie. Hoewel daar verslag aan die regering gedoen word oor die nakoming van die onafhanklikheidsvereistes, behoort daar ook aan die gemeenskap rekenskap gegee word.

6 REGULERING VAN DIE OUDITEURSPROFESSIE IN KANADA

Om leesbaarheid te vergemaklik, word die volgende afkortings in afdeling 6 gebruik:

AASB	<i>Audit and Assurance Standards Board</i>
AASOC	<i>Auditing and Assurance Oversight Council</i>
CICA	<i>Canadian Institute of Chartered Accountants</i>
CPAB	<i>Canadian Public Accountability Board</i>
IFAC	<i>International Federation of Accountants</i>
NIU	<i>National Inspections Unit</i>
PIIC	<i>Public Interest and Integrity Committee</i>
SEC	<i>Securities and Exchange Commission</i>

6.1 Eertydse regulering

Die regulering van die ouditeursprofessie in Kanada was jare lank die uitsluitlike verantwoordelikheid van die CICA wat in 1902 as die *Dominion Association of Chartered Accountants* gestig is (CICA 2004).

6.2 Hedendaagse regulering

Voor die val van Enron het die CICA reeds te kenne gegee dat hulle met ander organisasies wil saamwerk om die gemeenskap se vertroue in die ouditeursprofessie en in die hele finansiële stelsel te versterk. Die val van Enron het die proses verhaas en het daartoe gelei dat die *Canadian Securities Administrators*, die *Office of the Superintendent of Financial Institutions* en die professionele liggaam gesamentlik in Julie 2002 oor 'n stelsel van onafhanklike openbare oorsig vir ouditeure van publieke maatskappye ooreengekom het om die vertroue van beleggers te verhoog. Dié stelsel het in Oktober 2002 in werking getree (Accountancy Foundation 2002b:14, CICA 2003d).

Eerstens is die CPAB as deel van die stelsel gestig. Die mandaat van die CPAB is om hoëgehalte- onafhanklike ouditering van publieke maatskappye in Kanada te bevorder (D'Andrea 2003c). Die CPAB is verantwoordelik vir toesig oor die beplanning, implementering en toepassing van onafhanklike inspeksies van ouditeure van publieke maatskappye. Verder is die CPAB ook verantwoordelik vir toesig oor die onafhanklikheidsreëls en die gehaltebeheermaatreëls vir ouditeure van genoteerde maatskappye. Ten einde deursigtig te wees moet die CPAB jaarliks aan die gemeenskap verslag doen oor sy werksaamhede en die resultate wat behaal is (Accountancy Foundation 2002b:14&38, CICA 2002b).

In Junie 2003 het die *Canadian Securities Administrators* 'n reël voorgestel waardeur daar van ouditeure van publieke maatskappye vereis word om, wanneer hulle 'n ouditeursverslag uitreik, "participants in good standing with the CPAB" te wees. Hoewel die CPAB as 'n vrywillige liggaam ontstaan het, gaan daar vereis word dat ouditeure van publieke maatskappye deur die CPAB goedgekeur moet wees (Accountancy Foundation 2002b:38, D'Andrea 2003b). Alle ouditeursfirmas wat publieke maatskappye audit, moes voor einde Februarie 2004 by die CPAB registreer. Die CPAB gaan self, deur hulle NIU, inspeksies by

die elf grootste ouditeursfirmas doen terwyl inspeksies by die ander ouditeursfirmas deur inspekteurs van die provinsiale liggame namens die CPAB gedoen sal word (Accountancy Foundation 2002b:14, D'Andrea 2003b).

Die ouditeursfirmas wat lede van die CPAB is en 'n kontraktuele ooreenkoms met die CPAB het, sal vir die finansiering van die CPAB en die inspeksies verantwoordelik wees. Sewe van die elf stemgeregtigde lede van die CPAB mag nie lede van die ouditeursprofessie wees nie (Accountancy Foundation 2002b:14).

Tweedens is 'n onafhanklike openbare liggaam, die AASOC, as deel van die stelsel in Oktober 2002 gestig met die doel om vertroue in Kanada se publieke maatskappye en kapitaalmarkte te herstel deur die verbetering van die beheerproses soos wat dit op audit- en gerusstellingsstandaarde in Kanada van toepassing is (CICA 2003d, CICA 2003f). Die voorsitter en die meerderheid van die lede van die AASOC is nie deel van die ouditeursprofessie nie (CICA 2003c).


Die AASOC is verantwoordelik vir oorsig oor die werksaamhede van die *Assurance Standards Board* wat in September 2003 sy naam verander het na die AASB. Dit sluit in monitering en evaluering van die AASB se optrede, die nakoming van sy verantwoordelikhede, en die gebruik en toereikendheid van sy hulpbronne. Die doel van die AASOC is om te verseker dat audit- en gerusstellingstandaarde duidelik en deursigtig is en dat die standaardstellingsproses oop en onafhanklik is. Die AASOC doen minstens jaarliks aan die gemeenskap verslag oor sy eie werksaamhede en dié van die AASB, en 'n opsomming van sy vergaderings is op die web beskikbaar. Die meerderheid van die lede van die AASB is nie deel van die ouditeursprofessie nie en bestaan uit gesiene leiers in die sakegemeenskap en reguleerders, insluitende gebruikers van finansiële jaarstate, opstellers van finansiële jaarstate en ouditeure wat gerusstelling oor finansiële jaarstate verskaf, wat die AASB met die stel van audit- en gerusstellingstandaarde help. Die AASOC is ook verantwoordelik om die lede van die AASB aan te stel en om insette oor strategiese aangeleenthede te lewer. Die AASOC het insette van alle belanghebbende partye soos beleggers en ander gebruikers van finansiële inligting versoek. Die vergaderings van die AASOC is volgens die oordeel van die voorsitter oop vir die gemeenskap (CICA 2002c, CICA 2003a, CICA 2003c, D*Andrea 2003d).

Derdens het die PIIC van die CICA in Oktober 2002 'n beginsels-gegronde standaard oor onafhanklikheid as deel van die stelsel uitgereik. Dié standaard stem grotendeels ooreen met die hersiene standaard van die IFAC en met die reëls van die SEC in Amerika en het in Januarie 2004 in werking getree (CICA 2002a, D*Andrea 2003j). Dié standaard oor onafhanklikheid bevat die volgende (CICA 2003b):

- 'n Verbod op sekere nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte: Boekhouding, waardasiedienste, aktuariële dienste, interne ouditdienste, ontwerp en implementering van finansiële inligtingstelsels, menslike hulpbrondienste, korporatiewe finansieringsdienste, regsdiens en sekere ander kundige dienste.
- 'n Vereiste dat die hoofgerusstellingsvennoot ná vyf jaar moet verwissel.

- 'n Verbod op ouditeure wat deel van 'n gerusstellingspan was, om vir 'n tydperk van een jaar in 'n rekeningkundige hoedanigheid by die gerusstellingskliënt te werk.
- 'n Vereiste dat enige dienste van ouditeure vooraf deur die kliënt se auditkomitee goedgekeur moet word.

Sien figuur 5.5 vir 'n voorstelling van die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Kanada.



Figuur 5.5 Regulering van die ouditeursprofessie in Kanada

6.3 *Mate waarin aan die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is, voldoen word*

Die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is (mandaat, struktuur, onafhanklikheid, bevoegdheid, doeltreffendheid, rekenpligtigheid, en prosesse en prosedures), word soos volg deur die reguleringstelsel van die ouditeursprofessie in Kanada aan voldoen:

Mandaat

*n Oorsigliggaam, die CPAB, wat deur die *Canadian Securities Administrators*, die *Office of the Superintendent of Financial Institutions* en die professionele liggaam daargestel is, is verantwoordelik vir toesig oor die beplanning, implementering en toepassing van onafhanklike inspeksies van ouditeure van publieke maatskappye en vir toesig oor die onafhanklikheidsreëls en gehaltebeheermaatreëls vir ouditeure van genoteerde maatskappye. Hoewel dié liggaam as 'n vrywillige liggaam gestig is, word daar vereis dat ouditeure van publieke maatskappye deur dié liggaam goedgekeur moet wees. Dié regulerende liggaam moet jaarliks aan die gemeenskap verslag doen oor sy werksaamhede. Die mandaat van dié oorsigliggaam maak egter net vir ouditeure van publieke maatskappye voorsiening. Die etiese en auditstandaarde waaraan die ouditeursprofessie onderhewig is, is nie statutêr afdwingbaar nie en daar is verder geen statutêre plig dat die professionele liggaam aan die reguleerder verslag moet doen nie.

*n Onafhanklike openbare liggaam, die AASOC, is verantwoordelik vir toesig oor (insluitende monitering en evaluering van) die werksaamhede van die AASB asook om die lede van die AASB aan te stel en insette oor strategiese aangeleenthede te lewer. Dié regulerende liggaam moet ook aan die gemeenskap verslag doen. Die auditstandaarde waaraan die ouditeursprofessie onderhewig is, is egter nie statutêr afdwingbaar nie en daar is verder geen statutêre plig dat die professionele liggaam aan die reguleerder verslag moet doen nie.

Die professionele liggaam beskik nie oor 'n statutêre mandaat en statutêre magte nie. Die bestek van die mandaat van die professionele liggaam behels dat dié liggaam die gedrag en optrede van sy lede monitor, ondersoek en oortreders dissiplineer. Dié liggaam is ook vir die etiese kode van sy lede verantwoordelik. Die etiese en auditstandaarde waaraan die lede onderhewig is, is egter nie statutêr afdwingbaar nie en daar is verder geen statutêre plig dat die lede van die professionele liggaam aan die liggaam verslag moet doen nie.

Struktuur

Die struktuur van die CPAB is van so 'n aard dat verskeie belanghebbende partye daarin verteenwoordig word wat nie net sal verseker dat die eksterne mening in ag geneem word nie, maar ook dat die gemeenskap gerusstelling verkry dat hulle belange in ag geneem word, wat op sy beurt weer die vertroue van die gemeenskap in die ouditeursprofessie sal verhoog. Die CPAB en die inspeksies wat uitgevoer word, word deur die ouditeure van publieke maatskappye gefinansier, wat na verwagting sal verseker dat die liggaam oor voldoende hulpbronne beskik om sy take uit te voer.

Die struktuur van die AASOC is sodanig dat verskeie belanghebbende partye daarin verteenwoordig word.

Die professionele liggaam is verteenwoordigend van die ouditeursprofessie. Die liggaam word deur sy lede gefinansier, wat daarop dui dat dié liggaam ook oor voldoende hulpbronne behoort te beskik om sy take uit te voer.

Onafhanklikheid

Die CPAB behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as onafhanklik gesien te word omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van dié reguleerder verteenwoordig word, met die meerderheid nie-ouditeure as lede (sewe van die elf lede). Dié reguleerder asook die inspeksies wat uitgevoer word, word egter net deur die ouditeure van publieke maatskappye gefinansier, wat kan meebring dat dié liggaam nie as onafhanklik van die ouditeursprofessie gesien word nie.

Die AASOC behoort onafhanklik van die ouditeursprofessie te wees en behoort ook as onafhanklik gesien te word omdat verskeie belanghebbende partye in die struktuur van dié reguleerder verteenwoordig word, met die meerderheid nie-ouditeure as lede.

Dié professionele liggaam is verteenwoordigend van die ouditeursprofessie, wat kan veroorsaak dat die liggaam nie as onafhanklik van die partye wat gereguleer word, gesien word nie. Die professionele liggaam word deur sy lede gefinansier, wat tot verdere twyfel oor sy onafhanklikheid kan lei.

Bevoegdheid

Die bevoegdheid van die CPAB en die AASOC behoort nie 'n probleem te wees nie omdat ouditeure wat oor die nodige kennis ten opsigte van die gebied wat gereguleer word behoort te beskik, in die struktuur van dié liggame verteenwoordig word. Die meerderheid van die lede is ander belanghebbendes wat die nodige bevoegdheid behoort te hê ten opsigte van die openbare belang.

Die professionele liggaam behoort geen probleem te hê wat betref bevoegdheid ten opsigte van die gebied wat gereguleer word nie omdat die meerderheid van die lede deel van die ouditeursprofessie is en derhalwe oor spesialis-kennis behoort te beskik, maar kan dalk nie oor die nodige bevoegdheid beskik wat betref die openbare belang nie.

Doeltreffendheid

Die CPAB en die AASOC is eksterne liggame en behoort daarom nie aan baie burokrasie onderhewig te wees nie, wat heel waarskynlik daartoe sal lei dat hulle ekonomies doeltreffend funksioneer. Dié liggame behoort ook as gevolg van hulle struktuur hulle sosiale verantwoordelikheid (as beskermers van die openbare belang) te kan nakom. Die samestelling en struktuur van dié liggame behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Die professionele liggaam behoort ook ekonomies doeltreffend te funksioneer omdat die liggaam direk met die partye wat gereguleer word, skakel maar weens sy gebrek aan onafhanklikheid van die partye wat gereguleer word, kan hy probleme ondervind om sy sosiale verantwoordelikheid as beskermers van die openbare belang na te kom. Die samestelling en struktuur van dié liggaam behoort ook maklik by veranderinge te kan aanpas.

Rekenpligtigheid

Daar word vereis, hoewel nie statutêr nie, dat die CPAB en die AASOC aan die gemeenskap rekenskap moet gee oor die wyse waarop hulle hulle mandaat ten uitvoer gebring het.

Daar is geen vereiste dat die professionele liggaam aan die oorsigliggaam rekenskap moet gee van die wyse waarop hy sy mandaat ten uitvoer gebring het nie.

Prosesse en prosedures

Die CPAB is verantwoordelik vir toesig oor die beplanning, implementering en toepassing van onafhanklike inspeksies van ouditeure van publieke maatskappye en vir toesig oor die onafhanklikheidsreëls en gehaltebeheermaatreëls vir ouditeure van genoteerde maatskappye. Die CPAB doen self, deur hulle NIU, inspeksies by die elf grootste firmas terwyl inspeksies by die ander firmas deur inspekteurs van die provinsiale liggame namens die CPAB gedoen word. Dié liggaam doen jaarliks aan die gemeenskap verslag van sy werksaamhede en die resultate wat behaal is, ten einde deursigtig te wees.

Die AASOC is verantwoordelik vir toesig oor (insluitende monitering en evaluering van) die werksaamhede van die AASB, om die lede van die AASB aan te stel en om insette oor strategiese aangeleenthede te lewer. Die doel van die AASOC is om te verseker dat die audit- en geruststellingstandaarde duidelik en deursigtig is en dat die standaardstellingsproses oop en onafhanklik is. Derhalwe het die AASOC insette van alle belanghebbende partye soos beleggers en ander gebruikers van finansiële inligting versoek. Dié liggaam doen jaarliks aan die gemeenskap verslag oor sy eie werksaamhede en dié van die AASB ten einde deursigtig te wees. Die vergaderings van die AASOC is volgens die oordeel van die voorsitter oop vir die gemeenskap en 'n opsomming van die vergaderings is ook vryelik op die web beskikbaar.

Die professionele liggaam is verantwoordelik om die gedrag en optrede van sy lede te monitor en, indien nodig, oortreders te dissiplineer. Die professionele liggaam is slegs verteenwoordigend van die ouditeursprofessie.

6.4 Gevolgtrekking

Dit blyk dat die regulering van die ouditeursprofessie in Kanada wat eens aan totale self-regulering onderhewig was, nou deur 'n *gedeelde regulerende stelsel - self-regulering en statutêre oorsig vir ouditeure van publieke maatskappye* - gereguleer word.

Die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Kanada spreek dus die knelpunte rondom die ouditeursprofessie, soos in hoofstuk 4 geïdentifiseer, soos volg aan:

Onafhanklikheid

Die oorsigliggaam, die CPAB, behoort tot die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die ouditeursprofessie by te dra omdat dié liggaam verteenwoordigend is van verskeie belanghebbende partye, met die ouditeure in die minderheid. Dié liggaam behoort ook as gevolg van sy samestelling nie aan die invloed van die regering of enige belangegroep onderhewig te wees nie en derhalwe behoort die openbare belang gedien te word. Die CPAB is verantwoordelik vir toesig oor die onafhanklikheid en gehaltebeheer van ouditeure van publieke maatskappye. Die CPAB word egter net deur die ouditeure van publieke maatskappye gefinansier, wat 'n negatiewe invloed op die siening van sy onafhanklikheid kan hê.

Die standaard oor onafhanklikheid wat die ICAI in Oktober 2002 uitgereik het, bevat spesifieke maatreëls soos verpligte verwisseling van vennote ná vyf jaar, 'n afkoelperiode van een jaar, die verbod op sekere nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte en die vooraf goedkeuring van dienste deur die ouditkomitee, om die onafhanklikheid van ouditeure te bevorder.

Etiese en auditstandaarde

Die AASOC, 'n openbare liggaam, is verantwoordelik vir toesig oor, insluitende monitering en evaluering van, die aktiwiteite van die AASB wat vir die stel van auditstandaarde verantwoordelik is. Verskeie belanghebbendes word in die AASOC en die AASB verteenwoordig, hoewel die auditstandaarde nie statutêre steun geniet nie. Die doel van die AASOC is om te verseker dat audit- en gerusstellingstandaarde duidelik en deursigtig is en dat die standaardstellingsproses oop en onafhanklik is. Derhalwe doen die AASOC jaarliks aan die gemeenskap verslag oor sy eie en die AASB se werksaamhede. Die professionele liggaam is steeds vir die etiese kode van sy lede verantwoordelik, maar die CPAB is verantwoordelik vir toesig oor die onafhanklikheid en gehaltebeheer van ouditeure van publieke maatskappye.

Die standaard oor onafhanklikheid wat die ICAI in Oktober 2002 uitgereik het, is op beginsels gegrond.

Monitering en dissiplinerings

Hoewel die professionele liggaam steeds vir die monitering en dissiplinerings van sy lede verantwoordelik is, is die CPAB verantwoordelik vir toesig oor die onafhanklikheid en gehaltebeheer van ouditeure van publieke maatskappye en om onafhanklike inspeksies van die ouditeure van publieke maatskappye uit te voer. Die CPAB asook die inspeksies wat uitgevoer word, word egter deur die ouditeure van publieke maatskappye gefinansier. Die CPAB doen jaarliks aan die gemeenskap verslag oor sy werksaamhede en die resultate wat behaal is.

Danksy die stigting van die oorsigliggaam en die openbare liggaam, wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is, behoort die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Kanada dus mee te help om die knelpunte rondom die ouditeursprofessie uit te stryk. Heelwat meer kan egter gedoen word om die vertroue in die ouditeursprofessie te verhoog en om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie verder te verbeter. Die ouditkomitee is nie vir die aanstelling en vergoeding van ouditeure verantwoordelik nie en die etiese en auditstandaarde geniet nie statutêre steun nie. Hoewel die CPAB vir toesig oor die onafhanklike inspeksies verantwoordelik is, is dit slegs op die ouditeure van publieke maatskappye van toepassing en die inspeksies word deur die ouditeure van publieke maatskappye gefinansier.

7 SAMEVATTING

Die ouditeursprofessie is veronderstel om, wat integriteit en waarheid betref, die rotsvaste instansie te wees wat aan die gemeenskap (gebruikers van die finansiële jaarstate) die onafhanklike gerusstelling moet verskaf dat die inligting in die finansiële jaarstate redelik weergegee is, in ooreenstemming met aanvaarbare praktyke. Die korporatiewe mislukking het daartoe gelei dat die tekortkominge van die self-regulerende stelsel van die ouditeursprofessie beklemtoon is en dat die gemeenskap sy vertroue in die professie as beskermers van die belange van die gemeenskap verloor het. Ná die val van Enron het die gemeenskap optrede geëis. Die krisis het veroorsaak dat die ouditeursprofessie aan die een kant blootgestel is aan die gevaar om nie meer 'n bestaansreg te hê nie. Aan die ander kant het die professie die geleentheid om die vertroue van die gemeenskap te probeer herwin. Dit was duidelik dat daar wetgewing nodig is om 'n einde aan die skandale te probeer bring. Die eerste reaksie was die uitvaardiging van die *Sarbanes-Oxley Act* in Amerika, wat by implikasie die einde van self-regulering van die ouditeursprofessie teweeg gebring het.

Teen dié agtergrond is daar in hierdie hoofstuk ondersoek ingestel na die regulering van die ouditeursprofessie in sekere Engelssprekende lande met wie daar historiese en professionele bande bestaan en waar die geleentheid aangegryp is om veranderinge aan die regulering van die professie aan te bring in 'n poging om die vertroue van die gemeenskap te herwin. Die regulering van die professie in Ierland, Engeland, Amerika, Australië en Kanada is ondersoek aan die hand van die faktore wat in 'n reguleringstelsel van belang is.

Tabel 5.1 illustreer die veranderde strukture vir die regulering van die ouditeursprofessie in die lande wat ondersoek is, wat behoort by te dra om die knelpunte rondom die ouditeursprofessie te verminder en sodoende die vertroue van die gemeenskap in die professie te verhoog.

Tabel 5.2, 5.3 en 5.4 dui aan in watter mate die veranderde regulering van die ouditeursprofessie in die onderskeie lande wat ondersoek is, dié knelpunte rondom die ouditeursprofessie aanspreek wat oor die onafhanklikheid, die etiese en auditstandaarde, en die monitering en dissiplinering van ouditeure handel.

Die regulering van die ouditeursprofessie in Suid-Afrika word in die volgende hoofstuk ondersoek.

Tabel 5.1 Veranderde strukture vir die regulering van die ouditeursprofessie

	Ierland	Engeland	Amerika	Australië	Kanada
Tipe regulering en statutêre liggaam	Self-regulering onderhewig aan oorsig deur 'n statutêre liggaam (IAASA)	Gedeelde regulerende stelsel - self-regulering en statutêre regulering (FRC)	Self-regulering (ouditeure van nie-publieke maatskappye) en statutêre regulering (PCAOB) (ouditeure van publieke maatskappye) onderhewig aan oorsig deur die SEC	Gedeelde regulerende stelsel - self-regulering en statutêre regulering (FRC)	Gedeelde regulerende stelsel - self-regulering en statutêre oorsig (CPAB) (ouditeure van publieke maatskappye)
Struktuur van die statutêre liggaam	Verskeie belanghebbendes (maksimum 2 van die 13 lede kan ouditeure wees)	Verskeie belanghebbendes (maksimum 30 lede wat verteenwoordigers is van sake-, beleggers-, professionele en ander gemeenskappe met 'n belang by korporatiewe verslagdoening en beheer)	Verskeie belanghebbendes (twee lede moet ouditeure wees en drie mag nie)	Verskeie belanghebbendes (lede word aangestel na aanleiding van nominasies deur sleutelbelangegroeppe en onafhanklik van die belangegroeppe en is verteenwoordigers van die sakewêreld, professionele liggame, regerings- en regulerende liggame)	Verskeie belanghebbendes (maksimum vier van die elf lede mag ouditeure wees)
Finansiering van die statutêre liggaam	Regering en ouditeursprofessie	Regering, ouditeursprofessie en ander belanghebbendes	Publieke maatskappye en ouditeure van publieke maatskappye	Regering, ouditeursprofessie en ander belanghebbendes	Ouditeure van publieke maatskappye
Rekenskap van die statutêre liggaam	Geen	Geen	Aan die SEC; inligting oor ouditeure aan gemeenskap	Aan regering oor nakoming van onafhanklikheidsvereistes en gehaltebeheeroorsigte	Aan die gemeenskap

Tabel 5.2 Mate waarin die veranderde regulering van die ouditeursprofessie die knelpunte rondom onafhanklikheid aanspreek

	Ierland	Engeland	Amerika	Australië	Kanada
Verbod op nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte	Geen verbod	Geen verbod	Verbod op sekere dienste en by publieke maatskappye moet ouditkomitee nie-gerusstellingsdienste goedkeur	Geen verbod maar ouditkomitee monitor lewering van nie-gerusstellingsdienste	Verbod op sekere dienste en vooraf goedkeuring van dienste deur ouditkomitee
Verpligte verwisseling van ouditeure	Geen	Hoofgerusstellingsvennote ná vyf jaar	Gerusstellingsvennote ná vyf jaar	Gerusstellingsvennote ná vyf jaar	Gerusstellingsvennote ná vyf jaar
Aanstelling en vergoeding deur die ouditkomitee	Nee	Nee	Ja	Nee	Nee
Afkoelperiode voordat ouditeure by gerusstellingskliënte mag gaan werk	Geen	Twee jaar	Geen	Twee jaar	Een jaar
Bykomende maatreëls wat met die onafhanklikheid van ouditeure handel	Geen	POBA, 'n statutêre liggaam, is verantwoordelik vir erkenning van en toesig oor professionele liggame	Ouditeure moet aan ouditkomitee verslag doen	Jaarlikse verklaring deur ouditeure oor handhawing van onafhanklikheid; publieke maatskappye moet jaarliks fooie vir nie-gerusstellingsdienste, beskrywing van dienste en verklaring van ouditkomitee gee; FRC is verantwoordelik vir oorsig en monitering van onafhanklikheid van ouditeure	CPAB is verantwoordelik vir oorsig oor die onafhanklikheid van ouditeure van publieke maatskappye

Tabel 5.3 Mate waarin die veranderde regulering van die ouditeursprofessie die knelpunte rondom etiese en ouditstandaarde aanspreek

	Ierland	Engeland	Amerika	Australië	Kanada
Verskeie belanghebbendes betrokke	Nee	Ja	Ja	Nee	Ja
Statutêre steun van standaarde	Nee	Nee	Ja	Ja	Nee
Standaarde beginsel-gegrond	Nee	Ja	Nee	Ja	Ja
Bykomende maatreëls wat met die etiese en ouditstandaarde van ouditeure handel	Die IAASA het waarnemer-status in die APB	Geen	SEC stel ook reëls oor onafhanklikheid	Benewens etiese kode van ouditeurs-professie stel regering reëls oor onafhanklikheid; ouditeure van maatskappye moet onderneem om aan 'n etiese kode te voldoen	AASOC doen aan gemeenskap verslag oor eie en AASB se werksaamhede; vergaderings is oop en opsomming op web beskikbaar

Tabel 5.4 Mate waarin die veranderde regulering van die ouditeursprofessie die knelpunte rondom monitering en dissiplinerings aanspreek

	Ierland	Engeland	Amerika	Australië	Kanada
Onafhanklike liggaam	IAASA het statutêre mag om betrokke te raak by ondersoek en dissiplinêre prosesse en kan onafhanklike ondersoeke in openbare belang uitvoer	FRRP ondersoek maatskappye se finansiële jaarstate; IDB ondersoek klagtes en dissiplineer oortreders; POBA doen deur inspeksie-eenheid monitering van ouditeure van genoteerde maatskappye	GBR is verantwoordelik vir inspeksies en DR is verantwoordelik vir ondersoek en dissiplinerings van ouditeure van publieke maatskappye	FRC is verantwoordelik vir monitering/beoordeling van ondersoek en dissiplinêre prosesse; ASIC en CALDB is verantwoordelik vir dissiplinerings van ouditeure van genoteerde maatskappye; ASIC monitor toereikendheid van boetes	CPAB is verantwoordelik vir onafhanklike inspeksies van ouditeure van publieke maatskappye
Deursigtigheid van monitering en dissiplinerings	Verskeie belanghebbendes nie betrokke nie	FRRP en IDB - FRC hou toesig oor, finansiering van en aanstelling van lede; POBA - verskeie belanghebbendes word verteenwoordig en FRC doen finansiering	GBR en DR - verskeie belanghebbendes word verteenwoordig	FRC - verskeie belanghebbendes word verteenwoordig; CALDB - meerderheid lede is nie-ouditeure	CPAB - verskeie belanghebbendes word verteenwoordig; doen self deur inspeksie-eenheid inspeksies by 11 grootste firmas
Rekenskap oor monitering en dissiplinerings	Geen	Geen	PCAOB doen aan SEC verslag	FRC doen aan regering verslag oor gehaltebeheeroorsigte	CPAB doen aan gemeenskap verslag
Bykomende maatreëls wat met die monitering en dissiplinerings van ouditeure handel	Statutêre erkenning aan dissiplinêre prosesse	FRRP beskik oor statutêre mag	Geen	ASIC en CALDB beskik oor statutêre mandate	Geen

8 GEVOLGTREKKING

Ierland

Danksy die stigting van die statutêre oorsigliggaam, die IAASA, wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en wat nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie, behoort die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Ierland by te dra om die knelpunte rondom die professie op te los. Heelwat meer sal egter gedoen moet word om die vertroue in die professie te herstel en om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie verder te verbeter, soos die verbod op die lewering van nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte, verpligte verwisseling, die instel van 'n afkoelperiode voordat gerusstellingspersoneel deur gerusstellingskliënte in diens geneem mag word, en die aanstelling en vergoeding van ouditeure deur die auditkomitee. Die gemeenskap moet ook aktief by die stel van etiese en auditstandaarde betrokke wees en rekenskap moet aan die gemeenskap gegee word.

Engeland

Danksy die stigting van die statutêre liggame, die FRC en die POBA, wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en wat nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie, behoort die hedendaagse regulering van die professie in Engeland by te dra om die knelpunte rondom die professie te verwyder. Heelwat meer kan egter gedoen word om die vertroue in die professie te herwin en om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie verder te verbeter, soos die verbod op die lewering van nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte en die aanstelling en vergoeding van ouditeure deur die auditkomitee. Daar behoort ook rekenskap aan die gemeenskap gegee te word.

Amerika

Danksy die stigting van die statutêre liggaam, die PCAOB, wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en wat nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie, behoort die hedendaagse regulering van die professie in Amerika by te dra om die knelpunte rondom die ouditeursprofessie op te los en sodoende die vertroue in die ouditeursprofessie te verhoog. Hoewel ouditeure verbied word om sekere nie-gerusstellingsdienste aan hulle gerusstellingskliënte te lewer, die hoofvennote elke vyf jaar moet verwissel, die auditkomitee vir die aanstelling en vergoeding van ouditeure verantwoordelik is (in die geval van 'n publieke maatskappy), en die statutêre reguleerder aan die SEC verslag moet doen oor die uitvoering van sy mandaat, kan meer gedoen word om die vertroue in die professie te herwin en om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie verder te verbeter soos die instel van 'n afkoelperiode voordat gerusstellingspersoneel deur gerusstellingskliënte in diens geneem mag word.

Australië

Danksy die stigting van die statutêre liggaam, die FRC, wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is en wat nie net deur die ouditeursprofessie gefinansier word nie, behoort die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Australië by te dra om die knelpunte rondom die professie uit die weg te ruim. Die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie behoort te verbeter omdat die FRC vir die oorsig en monitering van die onafhanklikheid van ouditeure verantwoordelik is en die regering reëls oor die onafhanklikheid van ouditeure stel. Heelwat meer kan egter gedoen word om die vertroue in die professie te verhoog. Die lewering van nie-gerusstellingsdienste aan gerusstellingskliënte word steeds toegelaat hoewel publieke maatskappye in hulle jaarverslag

die fooie wat vir nie-gerusstellingsdienste betaal is en 'n beskrywing van die dienste wat gelewer is, moet meld, sowel as 'n verklaring dat die ouditkomitee tevrede is dat die lewering van nie-gerusstellingsdienste nie die ouditeur se onafhanklikheid aangetas het nie. Die ouditkomitee is ook nie vir die aanstelling en vergoeding van ouditeure verantwoordelik nie. Hoewel daar verslag aan die regering gedoen word oor die nakoming van die onafhanklikheidsvereistes, behoort daar ook aan die gemeenskap rekenskap gegee word.

Kanada

Danksy die stigting van die oorsigliggaam, die CPAB, en die openbare liggaam, die AASOC, wat verteenwoordigend van verskeie belanghebbende partye is, behoort die hedendaagse regulering van die ouditeursprofessie in Kanada by te dra om die knelpunte rondom die professie te verwyder. Heelwat meer kan egter gedoen word om die vertroue in die professie te verhoog en om die onafhanklikheid en die siening van die onafhanklikheid van die professie verder te verbeter soos die aanstelling en vergoeding van ouditeure deur die ouditkomitee. Hoewel die CPAB vir die toesig oor die onafhanklike inspeksies verantwoordelik is, is dit slegs op die ouditeure van publieke maatskappye van toepassing en inspeksies word deur die ouditeure van publieke maatskappye gefinansier.

Omdat oudit 'n internasionale verskynsel is, word die regulering van die ouditeursprofessie in hierdie Engelssprekende lande met wie daar historiese en professionele bande bestaan en waar die regulering van die professie ná die val van Enron onder die vergrootglas geneem en veranderinge aangebring is, as grondslag gebruik om die regulering van die ouditeursprofessie in Suid-Afrika te meet en om 'n normatiewe raamwerk vir die regulering van die professie voor te stel.